

DOLOS

Departement Afrikaans en Nederlands,
Duits en Frans, UV



dolos



Inhoudsopgawe

Redakteursbrief	4
Pryse	5
Topstudente van 2022 vereer	7
LitNet-kompetisie	7
Departementele praktykpaneellede lewer inset	8
Navorsingsgenote	10
D.F. Malherbe-gedenklesing: Jaco Jacobs	18
Poort skryfwerkswinkel 2022	19
Populêre lesings, film-aande	20
Prof Henning Pieterse: Om <i>Van den vos reynaerde</i> in Afrikaans te vertaal:	
Uitdagings en moontlike oplossings	21
Dr Francois Smith, prof. Hennie van Coller, prof. Henning Pieterse,	
Natie Botes: Etienne Leroux 100 jaar: 'n Huldiging	21
Prof. Naomi Morgan en dr. Albertus Barkhuizen: Madame Pylinska en	
die geheime van 'n literêre vertaler	22
Christo van Rensburg-gedenklesing: Prof. Rufus Gouws	23
Doktorsgrade vir doseerpersoneel in die departement	26
Kreatiewe skryfkuns	
Johan J. Smith: Debora slaan terug	29
Jacques Myburgh: Kettie	38
Rick de Villiers: Skrapnel	47
Cheréne Pienaar: Rembrandt se kuile	53
Kreatiewe uitsette: Voorblaaie van 2022	61
Kurrikulum	62
Kortleerprogramme: Afrikaans, Frans en Nederlands vir aanleerders	62
Kurrikulumvernuwing	62
Projekte	63
Werk en speel	65



Redakteursbrief

Dolos is die departementele akademiese tydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat waarin bydraes, kreatiewe stukke en navorsing van studente en kollegas en ook prestasies in en interessantheide oor Afrikaans aan die UV gebundel word.

Dolos gee uiteraard ook terugvoering oor bedrywigheide waarmee studente en dosente hul besig hou op plaaslike, maar ook op nasionale en selfs internasionale vlak. Gewoonlik vind die aktiwiteite buite die formele doseerlading van dosente en klasaktiwiteite van studente plaas, wat dit des te meer merkwaardig maak dat daar so 'n ryke kaleidoskoop aktiwiteite in een departement opgesluit lê.

Geniet **Dolos 2022 (2)** wat, buiten vir lekker leesgenot, ten doel het om sommer ook die departementele geskiedenis vir die nageslag digitaal te bewaar!

Die voorblad toon die speelse en kreatiewe denke van die kollegas onder die leiding van dr. Albertus Barkhuizen van die Franse afdeling soos dit neerslag gevind het in 'n **bemarkingspamflet in 2022** waarmee studente ook buite die taalkring "verlei" word om tale (en dus ook Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans) deel van hul lewenspad te maak.

Die gebeure in die departement gedurende 2022 word hier gebundel in *Dolos 2022 (2)*. In die vorige uitgawe, *Dolos 2022* is die vollengte bydraes van kollegas tot die geskiedenis van die departement opgeneem omdat dit nie alles in die boek, *Van toeka af die toekoms in: Die geskiedenis van Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat 1918–2023*, opgeneem kon word nie.

Lekker lees!

Die redakteurs: *Prof. Angelique van Niekerk en mev. Ida Meiring*

dolos





Francois Smith, senior dosent aan die Departement Afrikaans & Nederlands, Duits & Frans, se jongste roman, *Die getuienis*, is in 2022 op 'n glansgeselligheid in die Mount Nelson-hotel in Kaapstad met die kykNET-Rapport Herman Binge-filmprys bekroon. Hierdie prys word jaarliks toegeken aan 'n fiksiewerk met die meeste filmpotensiaal.

Volgens die keurders is *Die getuienis*, oor 'n arm egpaar se geloofsreis na 'n afgeleë godsdiensbyeenkoms, "'n meesterlike wisselwerking tussen opregtheid, humor en trauma". Die boek word ook in 2023 in Nederlands vertaal — 'n verdere pluimpie vir die roman en die outeur! Smith het ook die onderskeiding behaal dat sy roman *Die kleinste ramp denkbaar* die onderwerp was van Izak de Vries se resensie wat in 2022 bekroon is met die kykNET-Rapport-prys vir langer resensies. Hierdie resensie het in April 2022 op LitNet verskyn.

By dieselfde geleentheid in 2022 het Charl-Pierre Naudé, 'n navorsingsgenoot van die departement wat in 2022 ook sy doktorsgraad in filosofie aan die UV behaal het, die **kykNET-Rapport-prys ontvang**



dolos

vir die beste fiksie-resensent van die jaar. Die prys is aan hom toegeken vir sy resensie van Aryan Kaganof se roman *Die wrede relaas van Vuilgat en Stilte*. Hierdie resensie het in September 2022 in die dagblaaie Volksblad, Die Burger en Beeld verskyn.



Tydens die Junie 2022 Praktijkpaneelgeleentheid het Lynthia Julius die Jaap Steyn-beurs vir Kreatiewe Skryfkuns, moontlik gemaak deur die Hiemstra Trust, ontvang. Dr. Francois Smith het die eerste oorhandiging van die beurs aan die MA-student en digter Lynthia Julius gedoen.

By dieselfde geleentheid in 2022 het prof. Henning Pieterse die Marius Jooste-prys vir die beste navorsings-MA-studie aan mev. C. Richter oorhandig.

dolos



Topstudente van 2022 vereer



Christine Nel (links) was die ontvanger van Netwerk24 en Volksblad se prys vir die beste eerstejaarstudent in Afrikaans eerste addisionele taal. Regs is prof. Angelique van Niekerk van die Universiteit van die Vrystaat se departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans. Foto: UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT




Marné Clase (links), 2022 se beste eerstejaarstudent in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), en prof. Angelique van Niekerk, van die UV se departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans, wat Netwerk24 en Volksblad se prys aan haar oorhandig het. Marné is op die akademiese prysuitdeling van die UV se fakulteit vir geesteswetenskappe vir haar taalprestasie vereer. Foto: UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

LitNet-kompetisie

Dr. Joanita Erasmus-Alt (navorsingsgenoot en oudstudent) is aangewys as LitNet se wenner van die *My gebeurtenis van die jaar 2022-kompetisie*. Haar inskrywing, *Kontrapunt*, handel oor die datum waarop die digter Sheila Cussons 100 jaar oud sou word. Baie geluk, Joanita.



Dr. Joanita Erasmus-Alt navorsingsgenoot



Departementele praktykpaneellede lewer inset!

Die nuwe praktykpaneel vir 2022-2024 is in 2022 verkies. Die lede is: Ivor Price (joernalis), Nèlleke de Jager (uitgewer) en Mariska van Staden (onderwyser in Afrikaans in Bloemfontein).



Ivor Price

Ivor Price het in die laaste 21 jaar as joernalis reeds verskeie plaaslike en internasionale pryse gewen. Dit sluit vier ATKV-Mediaveertjies in waarmee hy oor die jare heen al as Suid-Afrika se beste rubrieksrywer, TV- en radioaanbieder aangewys is. Hy is die medeskrywer van twee boeke, *Hartstories van ons land se boere* en *For the love of the land*. Hy is tans die hoofredakteur van *Food For Mzansi*, 'n landbou-nuusplatform.



Nèlleke de Jager

Nèlleke de Jager het meer as twintig jaar uitgewerservaring. Sy het begin by Tafelberg Uitgewers, waar sy o.m. die Nuwe stemme-poësiereeks geloods het, en bevoorreg was om o.a. Anchien Troskie en Wilna

dolos



Adriaanse se boeke uit te gee. Hierna word sy uitgewer by Kwêla Boeke, vir sewe baie opwindende jare. Haar hoogtepunte sluit in die samewerking met skrywers soos Kgebetli Moele, Noziziwe Cynthia Jele, Sifiso Mzobe, E. (Sussie) Kotze, Willem Anker, en Ronelda S. Kamfer, en ook die Sapphire-liefdesverhaalreeks. In 2012 ná 'n sabbatsverlof word sy digitale uitgewer by NB waar sy omgesien het na digitale strategie vir die uitgewersgroep, bv. met projekte soos *NB Luisterboeke* en *Storierak*. In 2015 word sy uitgewer by Human & Rousseau Fiksie, waar sy woeker met die manuskripte van skrywers soos Jan van Tonder, Jolyn Phillips, Ingrid Winterbach, Brian Fredericks, Chris Karsten, Nataniël en Azille Coetzee. Sy woon in Seepunt en het een seun.




Mariska van Staden

Mariska van Staden was voorheen verbonde aan Hoërskool Fichardtpark (vir 15 jaar) waar sy Afrikaans Huistaal vir graad 8 tot 12 aangebied het. Vanaf die tweede kwartaal 2022 is sy verbonde aan Oranje Meisieskool.

Sy beklee ook 'n posisie as senior nasiener wat jaarliks, na afloop van die NSS-eksamen, help met die nasien van die eksamen. Sy het 'n honneursgraad in taalstudie (met lof) by die UV verwerf. Haar passie is hokkie en sy het Suid-Afrika op internasionale vlak verteenwoordig. Sy is 'n hokkieafrigter, -skeidsregter, -keurder en ook die ondervoorsitter van Vrystaat-dogtershokkie.


Sy het in Oktober 2022 'n sessie oor die uitdagings in die werkplek aangebied vir voornemende onderwysstudente in Afrikaans.

Me. Van Staden het 'n passie vir Afrikaans en leef haarself deur haar vakgebied uit. Sy het 'n liefde vir kinders en beskou dit as 'n groot voorreg om elke dag met die kroon van God se skepping te werk.





UITNODIGING




Beste Vriende van die departement

Hiermee word u vriendelik genooi na die volgende optrede deur lede van die Adviespaneel van Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans.

Eerste spreker: Dr Charl-Pierre Naudé, skrywer, navorsingsgenoot aan die UV en Vryskutresensent

Tema: Die vryskutresensent: vaardighede wat 'n verskil maak in die *leeuhok*!

Tweede spreker: Mev. Mariska van der Merwe Afrikaansonderwyser, C & N Oranje meisieskool, lid van die dept. praktykpaneel (advisory board).

Tema: Onderwys in die praktyk: Jou eerste pos is anders as proef.

Taal van aanbieding: Afrikaans

Bevestig teen 10 Oktober indien tolkdienste benodig sal word by Meiringi@ufs.ac.za

Datum: Donderdag, 13 Oktober 2022

Tyd: 10:00 - 13:00

Plek: Vlak 4 MR2 Biblioteek, UV

RSVP: 10 Okt. 2022 by Meiringi@ufs.ac.za

www.ufs.ac.za

 UFSUV |
  UFSweb |
  UFSweb |
  ufsuv

Inspiring excellence.
Transforming lives.

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIBESITHI YA
FREISTATA



UFS
THE HUMANITIES

Navorsingsgenote

Dr. Charl-Pierre Naudé was in Oktober 2022 aan die woord oor die taak van die resensent

Hier volg 'n opsomming van die wenke uit die aanbieding:

Die resensent: vaardighede wat 'n verskil maak in die leeuhok

Die woord “leeuhok” in die titel impliseer dat die resensiekunde 'n aktiwiteit van kontestasie is. Dit beteken 'n aktiwiteit waarin verskillende deelnemers uiteenlopende opinies kan hê, en mag hê, en moontlik konfronterend met mekaar kan omgaan. Dit is deel van die waarheid, maar nie die volle waarheid nie. Hierdie kontestasie-aspek is eintlik 'n omliggende aspek van die aktiwiteit van resensielewering, en kom nie uit die wese van resensielewering nie, wat ideaal gesproke beredenerend en ontledend moet wees. Die resensiekunde staan in kontras met die rubriek en die manifest, vorme waarin die betogende element voorop staan. In die resensie is die betogende element 'n ondergeskikte element.

- Die veld van resensies en die spanning daarin ervaar, sê baie oor die problematiek in die geesteswetenskappe as bedryf in sy geheel. So, om te praat oor resensies – en die waardes daarin

dolos



wat in spanning kom – word eintlik ’n kwessie van praat oor ’n emblematiese terrein in ’n breë bedryf. Laasgenoemde sluit in akademiese artikels skryf, op literêre pryspanele dien, referate lewer by kongresse, literêre politiek, en dies meer. In al hierdie aktiwiteite kom integriteit van deelname eerste, maar moet die moeilikheidsgraad van integriteit ook verreken word.

Ek gaan my aanbieding oor resensies in twee breë afdelings indeed, en elkeen met subafdelings. Die twee afdelings is:

- 1. Wat is die intellektuele omgewingsfaktore waarbinne die resensient vandag in Suid-Afrika sy rol moet vervul?
- 2. Wat is my eie gekose riglyne by die skryf van ’n resensie?

1. Die omgewing waarin die eietydse resensie in Suid-Afrika geskryf word

Die resensient, soos die skrywer, skryf in ’n veld van swyende sowel as uitgesproke kragte. Die bestaan van hierdie kragte moet deur die resensient in gedagte gehou word. Dink aan ’n “Google Earth”-prentjie van ’n bepaalde intellektuele veld, gesien van bo – die “veld” waarin resensiekunde plaasvind. Daardie veld is ondergeskik aan wisselende klimaatsfaktore en terreinelemente.

Terug na die kragte wat ’n invloed uitoefen op die resensie se omgewing.

A. Twee groot pole verskaf ’n veld van spanning

- Aan die een kant staan die akademiese resensie met sy oogmerke van “objektiewe” beoordeling. Hierin probeer die resensient homself ideaal gesproke “uitskakel” en streef hy na ’n “intersubjektiewe” oordeel. *Tydskrif vir Letterkunde* is ’n publikasie wat met hierdie soort resensie in verband gebring kan word.
- Aan die ander kant staan die resensie gebore uit die New Journalism-skool van skryf, wat die beoordelaar hom/haarself midde in die resensie plaas, en wat glo dat alle oordele subjektief is maar dat daar na die verantwoordbare subjektiewe oordeel gestreef moet word. Die *Vrye Weekblad*-tradisie van resensies kan hiermee in verband gebring word. Ek haal aan uit Wikipedia:

“New Journalism is a style of news writing and journalism, developed in the 1960s and 1970s, that uses literary techniques unconventional at the time. It is characterized by a subjective perspective, a literary style reminiscent of long-form non-fiction. Using extensive imagery, reporters interpolate subjective language within facts whilst immersing themselves in the stories as they reported and wrote them. In traditional journalism, however, the journalist is “invisible”; facts are reported objectively.”

In ’n Boekevat-rubriek op 3 Februarie 2020 in *Beeld* en *Die Burger* met die kop “Resensente moet anker gooi teen krulle” het ek gewaarsku teen die eksesse van hierdie tradisie van resensies. <https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/boekevat-resensente-moet-anker-gooi-teen-krulle-20200203>

Gevaar 1: Dis ’n styl wat sigself tot strydvaardigheid verleen waarin die integriteit en die outeurs-onverbondenheid in die verskaf van ’n oordeel verlore kan raak.



Gevaar 2: Waarin teks en teksgerigtheid nie altyd sy regmatige ruimte gegun word nie.

Gevaar 3: Waarin vooraf bestaande sintetiese opvattinge oor die onhaalbaarheid van “objektiwiteit” die strengheid waaraan die outeur homself moet onderwerp, kan verwater. Dit kan lei tot kanse vat, met ander woorde aanwendinge wat nie met die sentrale doel van resensiekunde te make het nie.

Gevaar 4. Groter ruimte vir die “eie agenda” ten koste van die boek, wat ’n sosiale produk is en binne sosiale verband beoordeel moet word, nie persoonlike verband nie.

Winst:

Wins 1. Kleurryke skryfwerk.

Wins 2: Resensie se geur gee iets oor die aard van die boek onder bespreking deur. Daar word dus iets in die resensie “gewys” oor die teks onder bespreking, en nie net bespreek nie.

Wins 3: Debat en betrokkenheid by die tekste onder bespreking word aangevuur. Dus word die boek as sosiale produk se teenwoordigheid binne die veld van sosiale kragte onmiddellik beklemtoon.

Hierdie twee genoemde pole verskaf die spanning waartussen resensies te lande hulself vorm en gelewer word, al vir etlike dekades lank. Sommige resensies neig na die *New Journalism* kant, ander weer na die objektiewe, akademiese, ander weer probeer ’n middegrond vir hul vorm onderhandel. Dis hier waar ek myself bevind.

Kom ons vergelyk dit met die gevare en winste van die “objektiewe” resensie met ’n onbetrokke styl:

Wins 1: Integriteit. Resensent seil bo die storm, word nie deur die winde rondgepluk nie.

Wins 2: Helderheid van oordeel, nie rammelrig of vol verstoppings nie.

Wins 3: Outeur se afstandelikheid bevorder geloofwaardigheid onder resensielesers.

Wins 4: Die ideaal, al is dit nie volledig haalbaar nie, van intersubjektiwiteit word met elke sin beklemtoon.

Gevaar 1: ’n Droë aanbod.

Gevaar 2: Teksgerigtheid word te geïsoleerd omdat die boek as item al die aandag kry en die sosiale veld waarbinne die boek gebeur minder ter sprake is.

Gevaar 3: Te akademies, vervreemd die leser.

Die gehoor sal dit kan waardeur dat hierdie ’n veelbewoë spanningsveld is, teweeg gebring deur twee verskillende tradisies en opvattinge oor hoe die boekresensie moet lyk. Nou, ’n tweede spanningsveld.

B. *Die spanning tussen teorie en die ‘naakte’ literêre oordeel*

Die resensent van literêre tekste is in ’n mindere of meerdere mate met verskillende literêre teorieë vertrou. Die akademikus wat resenseer sal waarskynlik meer vertrou met sulke teorieë wees as die gewone resensent, maar ook nie noodwendig nie. Die feit dat boeke en publikasies ’n industrie geword het en letterkunde ’n veld van brandende akademiese ondersoek is, verskaf ’n sterk sfeer van invloed

dolos



aan die verwysing van teorie, wat die reputasie het dat dit die draer van “dieper kennis” is, dat dit met ’n spesiale gesag kan oordeel, en dat dit by magte is om as arbiter te kan optree waar maatskaplike sienings oor die boek, of ’n boek, verskil. Teorieë dra die uniform van “objektiwiteit”.

Daar is ’n druk op resesente om van teorieë kennis te neem. Wanneer dit gebeur, bring die resesent die gereedskap van sy sogenaamde “naakte oordeel” in spanning met teorie, en het sy naakte oordeel die posisie van “subjektiwiteit” vis-à-vis die teorie. Dit wil sê die persoonlike oordeel sal geneig wees om sigself in die swak posisie te plaas en seggenskap aan teorie af te staan wanneer daar twyfel is, of as die mode so voorskryf, of as die groepsdruk van kollegas dit vereis.

Teorieë het hul winste, maar hou ook groot gevare in vir die resesent se vermoë om volgens sy eie intuïsie die teks na wense te priem. ’n Mens hoef net te gaan kyk na hoe dikwels teorieë wild, verkeerd en verskillend toegepas en verstaan word, in debatte, in skrywes, en ook in resensies, en hoe dikwels teorieë mekaar in invloed vervang, om te besef dat teorieë nie noodwendig met uiteindelijke seggenskap strook nie. En tog leef ons in ’n tyd van die teorie. En tog vra die individuele resesent se aanvoeling en kennis altyd om aanvulling.

Hier is ’n spanningsveld wat maklik allerlei ontsporings kan veroorsaak. Kom ons kyk van naderby na ’n balansstaat van die moontlike winste en verliese by die resesent wat sy eie intuïsie voorrang gee bo die gesag van teorie. Uiteraard kan dit bevorderlik vir die resesent wees om van teorieë kennis te neem, maar hy of sy moenie klakkeloos die knie daarvoor buig nie.

Die naakte oordeel se winste:

Wins 1: Die resesent sal teksgerig bly, en gefokus bly, wat voordele vir die beoordeling van die boek inhou. Teorieë neig om hulself van buite op die teks af te druk en dit gaan potensieel meer getrou aan die skrywer se mededelings wees as die resesent die teks van binne na buite toepas. Bedoelende: die teks se implikasies op die sosiale veld toepas.

Wins 2: Die goeie en veral die ervare resesent se oordele vorm ’n “ekologie” van sy eie, dit wil sê dit het ’n balans en ’n konteksvormende samehang wat oor baie jare gevorm is en nie in sy volheid sommer ooplê vir die resesent self nie. As sulks het die resesent se ekologie van moontlike insigte, soos alle lewende kontekste, ’n swyende wysheid, waarmee hy of sy ontginnend – dit wil sê hermeneuties – te werk moet gaan in ’n direkte spanning met die teks. As daar sommer wild na teorieë gegryp word, of self oordeelkundig verwys word, kan dit die resesent se toegang tot sy eie diepte-insigte van die teks kelder.

Wins 3: Die leeservaring, ook die resesent s’n, is nié in die eerste plek ’n teoretiese ervaring nie, dit is ’n ervaring wat plaasvind in die terme van die resesent se lewenswêreld in spanning met die teks se lewenswêreld. [Waar Wins 2 meer met die resesent as individuele leser te doen het, het hierdie wins (Wins 3) meer te doen met die resesent se lesing as die verteenwoordiger van ’n bepaalde tydruimtelike lewenskonteks. Hierdie is ’n sensitiewe kollektiewe konteks, net soos die boek se lewenswêreldlike konteks ook is, wat in fyn trillings met mekaar kommunikeer, en mekaar maklik kan verloor as daar nou met die teorie se swaar spoorbalke uit die hemel sommer op die leeservaring van die resesent neergereën word.]



Die winste van die teorie:

Wins 1: Teorieë bied strukturele sleutels wat gans ander foutlyne kan oopbreek vir die resensent as wat hy of sy aan gewoond is – tot voordeel van verrassende lesings van ’n teks.

Wins 2: Teorieë verteenwoordig kennis wat oor tyd heen opgegaar en dikwels heen en weer in die tyd aan nog meer toetsing onderwerp is voordat dit tot sleutel verwoord is. Die oordeelkundige resensent wil in beginsel nie sommer so ’n kosbare gawe in die wind slaan nie. Mens kan hier praat van ’n argief van evolusionêr verfynde gereedskap. Die beste sal dalk wees vir die resensent om sy of haar kennis oor teorie wel as ’n aparte aktiwiteit in te win, en dit dan op ’n onbewuste vlak te laat inpraat tydens die skryf van ’n resensie, eerder as om dit opsetlik in werking te stel. Dit sou my persoonlike oplossing vir hierdie spanning wees.

Tot sover oor die eerste twee spanningsvelde wat inweeg op die skryf van resensie. Kom ons kyk na ’n derde.

C. ***Die invloed van heersende ideologieë en politiek op die resensent***

Die resensent moet bewus bly van die vlakke van maatskaplike politieke retoriek want dit kan op sy of haar ambag as resensent ’n onregmatige invloed uitoefen. Die politieke en sosiale klimaat is die atmosfeer waarin die resensent asemhaal. En ideologie en retoriek is aspekte van die samelewing wat bestaan *terwille* van manipulering, dit beteken jy as resensent is per definisie geteiken daardeur, al is dit ook hoe implisiet. In die huidige wêreldgees is die tema van bevryding oral vaardig – van gender, ras, voormalige politieke slagoffers, huidige politieke slagoffers, noem maar op, en jy as resensent word beoordeel aan hoe jy hierdie enorme invloed gaan hanteer in jou resensies.

- Hoe sterker die vlak van nadruk van ’n tema in die samelewing is, hoe meer moet jy sekermaak jy bring dit ter sprake slegs omdat dit behoorlik deur die teks gevra word.
- Moenie sulke temas probeer bedien nie. As dit ’n goeie literêre werk is, gaan dit nie die relevansie van die bevrydingsproblematiek in die werk wees wat die werk uitnemend maak nie, maar die vormgewing en die teksspel van die werk wat die bevrydingsproblematiek uitlig. Dit gaan oor vormgewing en teksspel.
- Maak eweneens ook seker jy ignoreer of skeep sulke temas nie onnodig af nie net omdat hul lading in die sosiale diskoers sterk is.
- Moenie die bediening van sulke temas deur andere bedien nie.
- Die politieke klimaat kan maak dat ’n mens klimaatsresensies skryf om daarby in te val. Vermo. Daar is ’n balans by hierdie dilemma ter sprake – en onderliggend daaraan is die volgende besef: die grootste respek wat jy ’n tema kan gee, is om dit raak te sien waar dit is, en dit weg te laat waar dit nie is nie.

D. ***Die invloed van jou eie plek in die letterkunde as skrywer***

Dit is in alle letterkundes die geval dat romansiers of digters soms resensies skryf. Dit sal onvermydelik die resensent se onafhanklike oordeel in die gedrang bring, maar nie noodwendig op fatale manier nie.

dolos



Dit hang af of jy jou veelvoudige betrokkenheid op ander lae van die letterkunde behoorlik verreken. Meestal beteken dit: skryf resensies asof jou ander rolle nie bestaan nie.

Die letterkunde, en trouens die bedryf van die geesteswetenskappe in die algemeen is geensins vry van korrupsie nie, maar wanneer dit gebeur, gebeur dit op 'n versweë vlak en is dit moeilik om teen te gaan omdat dit skuiling soek agter die nie-eksaktheid van die resensie-dissipline. Die resensient mag nooit deel hiervan word nie, al het 'n ander resensient besluit om daaraan mee te doen, en die vrees vir negatiewe reaksie mag jou nie van jou eerlike opinie in opvolgende resensies weerhou nie. Resenseer altyd die boek, nie die outeur nie.

Weereens is dit 'n sin vir balans wat moet besluit: Probeer hoflik wees as jy krities moet wees.

2. **My eie riglyne by die skryf van 'n resensie**

Tot nou toe het ek die veld geskets waarbinne resensies hulself bevind en enkele groot spanninge in daardie veld uitgelig. Nou volg my eie riglyne vir die skryf van resensies. Ek skryf redelik instinktief, tog voel ek daar is onderliggende riglyne wat deur die jare uitgekristaliseer het. Daar is drie areas waarin ek voorstelle wil maak: 1. Styl 2. Rakende ontleding 3. Foute om te vermy.

1. Styl

'n Resensie bevat van dieselfde elemente as 'n verhaaltjie: begin, middel en einde; intrige; ontknoping; en stem. Hiervan is intrige, ontknoping en stem die belangrikste.

Intrige werk met informasie wat op die regte moment in die ontplooiing van die resensie gegee word, en ander informasie wat vir eers teruggehou word. Hierdie tegniek skep spanning en afwagting by die leser, en dit gee ook aan die resensie sy vorm.

Ontknoping is in die resensiekunde die gevolgtrekking. Dit volg normaalweg heel aan die einde, maar net soos by 'n verhaal, kan jy dit omgooi en die gevolgtrekking eerste plaas en in die res van die resensie op jou spore terugloop om te wys hoe jy daarby uitgekom het. By die meer akademiese resensie sal hierdie storie-elemente deur middel van 'n meer afstandelike benadering aansienlik gesublimeer binne die resensie voorkom, maar ek glo dit is steeds daar. By die "New Journalism"-tipe resensie is die storie-elemente veel meer sigbaar.

Die stem van die resensie is nie heeltemal dieselfde as die resensient se stem nie, wat ook daar is en deel is van sy of haar gewone styl. Tog het elke individuele resensie wat goed gevorm is, ook 'n "stem" – dit is 'n houding wat in die resensie of postuur bespeur kan word en wat spruit uit die resensie se verhouding met die spesifieke teks. As die resensie positief oor die teks oordeel, sal dit selfs sinstruktuur beïnvloed, as die houding negatief is sal dit 'n ander gevoel aan woorde bevat. Ek praat hier van die emosionele lading van die resensie.

Daar is 'n vyfde element (nog nie genoem nie), en dit is die pas van ontvouing van die argument. Die pas is hoe vinnig of stadig die resensie homself uitrol. As die pas dieselfde bly van begin tot einde gee dit ook vorm aan die resensie en skep dit 'n indruk van stabiliteit en rigting, wat die geloofwaardigheid van die argument by die resensieleser en die skrywer van die teks kan steun.



2. Rakende ontleding

Dit is die allerbelangrikste aspek van die resensie en waaróm alles wentel. Ek noem ’n reeks aspekte wat ontleding betref waarop die resensient moet fokus:

- taal: daar is verskeie aspekte waarin taal kan uitblink, maar die afwesigheid van enige nastrewenswaardige aspek, soos beelding byvoorbeeld, kan ook goed wees as dit in die konteks van die resensie so gemotiveer word.
- Kyk ook na tegnieke
- storiestruktuur
- samehang van die storie of gedig, of die gemotiveerde afwesigheid van samehang
- verskillende vlakke van die produk: storievlak, intertekstuele vlak, en metavlak. Afrikaanse en Suid-Afrikaanse resensies onderbeklemtoon laasgenoemde aspek. *The New York Times* se boekresensies is meestal baie goed hierin, gaan lees maar.
- diachroniese historiese aktiverings van mededelings. [Hiermee bedoel ek plaas die teks in die groter historiese prentjie van die ontwikkelende sosiale konteks waarin dit wil optree, kyk miskien na hoe belange binne die groter prentjie verwissel het.]
- sinchroniese sosiale aktiverings van mededelings. [Hiermee bedoel ek die spanning van die behepthede van die eietydse en hoe dit in gesprek tree met die teks.]
- oorspronklikheid en vernuwing. Hierdie twee is moeilike aspekte, en dikwels noem resensente dit sonder om die argument waarom iets oorspronklik of vernuwend is behoorlik voor te sit. Sogenaamde “vernuwing” werk myns insiens met langer historiese strukture, en moet beduidende verskuiwing van betekenis binne hierdie langer strukture teweeg bring om vernuwend te wees. Die plaasroman of reisverhaal is sulke langer strukture, waarin *Agaat* van Marlene van Niekerk of *Disgrace* van J.M. Coetzee waarskynlik in eersgenoemde geval as vernuwend gereken kan word. Daar is ook die oorlogsrolprent, wat ’n langer, diachroniese struktuur is binne die Europese en Amerikaanse rolprent-genre. ’n Rolprent soos *Hope and Glory*, of *Atonement* (gebaseer op die boek deur Ian McEwan) kan as voorbeelde van vernuwing van die oorlogsrolprent (of roman), gereken word. In beide voorbeelde word verskeie verteltnieke omgegooi, word temas vervang, vertellersblikke hernu, et al, om van hierdie produkte as vernuwend te kan praat ten opsigte van ’n lang tradisie wat onder meer *War and Peace* van Tolstoi insluit. Binne die Holocaust-tradisie van boeke en rolprente – gevestig as ’n lang tradisie – is die rolprent *La vita è bella* (*Life is Beautiful*) deur Roberto Benigni myns insiens vernuwend. Vernuwing moet die implikasies van ’n lang struktuur in vertelling uitbrei of verander. Daar is literêre teorieë oor vernuwing, en my eie mening berus op ’n filosofiese benadering van hierdie aspek. Vernuwing kan veral tematies of betreffende tegnieke geskied.
- Oorspronklikheid is vir my die belangriker element (vir onmiddellike gespreksdoeleindes) omdat dit meer direk werk met hoe die betrokke outeur onder resensering sy of haar beweegruimte – van verbeelding – gebruik het ten opsigte van wat reeds bestaan het toe hy of sy geskryf het. Oorspronklikheid werk nie so direk met daardie langer strukture nie, en is makliker vir die resensient om raak te sien.

dolos




3. Foute om te vermy

- Moenie jou ontleding ondergeskik maak aan styl of effekbejag, of stem of enige van hierdie aspekte hierbo genoem nie. As iets goeds klink, en dit sê nog nie wat jy wil sê nie, skrap en begin oor. Moenie toelaat dat 'n goeie sin vir jou praat nie, daardie sin is 'n indringer as jy as resensent jouself nie volledig daarmee kan assosieer nie. Staan of val by jou sin.
- Moet niemand probeer beïndruk nie.
- Moenie syklappe uitdeel nie of dinge betrek wat nie direk verband hou nie. Die ontleding van die teks moet goed genoeg wees vir die sywaartse implikasies om te blyk sonder dat jy persoonlike verwysings hoef by te haal.
- Moenie die boek of teks aan kriteria onderwerp waarvoor dit nie geskryf was nie. Dit gebeur soms, hoewel dit ook genoem moet word dat wanneer 'n outeur 'n ongunstige resensie kry dit dikwels hul eerste verweer is – hul teks was kwansuis vir 'n ander gehoor bedoel as die resensent. Moet eweneens nie daardeur van stryk gebring word nie.

Charl-Pierre

Daar is tydens die geleentheid in Oktober 2022 ook Nederlandse aanleederswoordeboeke aan die beste studente in AFNK2724 (Nederlandse module) oorhandig as aanmoediging.



D.F. Malherbe-gedenklesing

16 Maart 2022



V.l.n.r.: Prof. Angelique van Niekerk (departementshoof), dr. Molapo Qhobela (viserektor), Jaco Jacobs (spreker) en prof. Heidi Hudson (dekaan) tydens die D.F. Malherbe-gedenklesing in 2022.

Titel: *Op my planeet: Die wonderwêreld van kinderverse*

Spreker: Jaco Jacobs

'n Opname van die lesing is ook op die departementele webblad beskikbaar.

D.F. Malherbe-gedenklesing: Kinderverse en -rympies bevorder taalaanvoeling

Geskryf deur: Rulanzen Martin

Die 35ste D.F. Malherbe-gedenklesing het 'n nuwe, prettige jas aangetrek toe die lesing op 16 Maart 2022 deur die welbekende kinderboekskrywer Jaco Jacobs gelewer is. Jacobs se kinderrympies en -versies, gediggies en stories is 'n ode aan sy stokperdjie, sy brood en botter en sy grootse passie – boeke vir kinders en jongmense. Die onderwerp van die lesing was: *Op my planeet: Die wonderwêreld van kinderverse* en is deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aangebied. As kinderboekskrywer praat Jacobs dikwels voor gehore, maar nie voor studente of geleerdes nie. “Met kinders praat ek oor onderwerpe soos die voor- en nadele as 'n mens se ouma besluit om 'n rock-sanger te word, maniere om 'n skaap by 'n kerkbasaar te steel en hoe spaghetti tussen jou tone sal voel.” Die doel van sy lesing was nie om 'n waarskuwing, 'n wekroep of pleidooi oor die stand van Afrikaans te lewer nie, maar eerder om te gesels oor verse vir kinders as 'n subgenre in Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Jacobs het immers meer as 20 jaar ervaring in hierdie subgenre. Rympies en versies, selfs poësie, is belangrik van kleintyd af “'n Rympie klink immers na pret, 'n rympie klink na iets wat kan knipoog, glimlag en wat weet hoe rooi koeldrank smaak,” sê hy. Dus stel hy die vraag: hoekom is kinders en onderwysers dan bang vir poësie? Die konnotasie met poësie laat baie mense terugdink

dolos



aan die dubbelperiodes in Afrikaans, waar hulle vasgevang was in 'n klaskamer wat volgens Jacobs na "sweterige sokkies ruik, en kurkdroë bladsye vol alliterasie, assonansie en enjambement"! Volgens hom is kinders nie van kleins af bang vir poësie nie, omdat hulle "met 'n oor vir poësie gebore word"; selfs voordat ons betekenis daaraan koppel, leer ons van kleins af om fyn te luister na die ritme en klank van jou ma of pa se stem. "Daar is heelwat studies gedoen oor hoe voordelig dit is om poësie aan 'n ongeborge baba voor te lees – hulle reageer sterk op woorde wat hulle in die baarmoeder gehoor het," sê Jacobs. Jacobs sê 'n kind wat kleintyd rympies saam met moedersmelk inkry, leer dat taal kan troos – soos met hierdie rympie: Slaap kindjie slaap / Daar buite loop 'n skaap / 'n Skaap met witte voetjies / Hy drink sy melk so soetjies / Skapie met sy witte wol / Kindjie drink sy magie vol / Slaap kindjie slaap. Kinderverse speel 'n belangrike rol omdat dit gewoonlik rympies insluit wat deel is van alledaagse spel. "Die wonderwêreld van kinderverse is vol klanke, rympies, passies, ritme en patrone. Kinderrympies moet soms ondeund wees en die grense so 'n bietjie toets," sê Jacobs.

Die D.F. Malherbe-gedenklesing word elke tweede jaar aangebied. Vorige sprekers sluit onder andere in Coenie de Villiers, en die taalaktivis Bettina Wyngaard in 2018.

Poort skryfwerkswinkel 2022

Gedurende die Julie-vakansie in 2022 het 11 leerders deelgeneem aan die Poort-Slypskool vir jong skrywers wat aangebied is deur kollegas van die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (UV). Hierdie leerders is vooraf aangewys as die top-inskrywings vir die Poort-Skryfkompetisie wat aangebied word deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die slypskool is aangebied deur prof. Henning Pieterse en dr. Francois Smith.



V.l.n.r. *agter*: Prof. Henning Pieterse, Neli van Heerden, JD Carr, Danhauser van der Merwe, Eras Schutte, Danie Schutte, dr. Francois Smith

V.l.n.r. *middel*: Mikayla Pretorius, Shanya van Rensburg, Leandri Viviers, Merigen Jordaan

V.l.n.r. *voor*: Giulia Nel, Annalette du Plessis



dolos

Populêre lesings, film-aande

Daar word deurlopend deur die jaar uitnodigings aan die publiek, kollegas aan die UV en ons studente gerig wat betref die openbare lesingreeks en die film-aande in Frans, Duits en Nederlands. Die Franse filmklub is die oudste filmklub op kampus en ook die aktiefste.

E-posverspreidingslys

Die geleentheid word wyd geadverteer en belangstellendes kan ook via mev. Marelize Pretorius in die departement vra om ingesluit te word in die e-posverspreidingslys om uitnodigings te ontvang na geleentheid wat die departement self aanbied en organiseer of geleentheid waarby die kollegas van die departement self betrokke is.

Die Nederlandse film, *De Bankier van het verzet* is byvoorbeeld in 2022 vertoon.



Uitnodiging/Invitation

Nederlandse Filmaand:
Genres: Biography, Drama, War
Releasejaar: 2017
Regisseur: Joram Lürsen
123 min

Als bankier Walraven van Hall in de Tweede Wereldoorlog wordt gevraagd of hij zijn financiële contacten voor het verzet wil inzetten, aarzelt hij niet lang. Samen met zijn broer, Gijs van Hall, bedenkt hij een riskante constructie om grote leningen af te sluiten waarmee het verzet gefinancierd kan worden.

Als ook dat niet genoeg is bedenken de broers de grootste bankfraude uit de Nederlandse geschiedenis: tientallen miljoenen guldens worden onder het oog van de bezetters de Nederlandse Bank uit gesluisd.



Datum: Woensdag, 31 Augustus 2022
Plek: Equitas Auditorium
Tyd: Filmvertoning begin 18:00
Vanaf 17:40 word stroopwafels en koffie bedien

Date: Wednesday, 31 August 2022
Place: Equitas Auditorium
Time: Film starts at 18h00
From 17h40 syrup waffles and coffee are served

RSVP: PretoriusM6@ufs.ac.za @ 29/08/2022
f UFSUV | t UFSweb | UFSweb | @ ufsuv

Tel : 051 4012624

Inspiring excellence. Transforming lives.
Inspireer uitnemendheid. Verander lewens.

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIBESITHI YA
FREISTATA



UFS·UV
THE HUMANITIES
GEesteswetenskappe
AFRIKAANS AND DUTCH,
GERMAN AND FRENCH
AFRIKAANS EN NEDERLANDS,
DUITS EN FRANS

dolos



Daar word jaarliks sowat 8 openbare lesings en/of boekbesprekings of paneelgesprekke in die departement georganiseer. Prof. Henning Pieterse het hier die leiding geneem in 2022.

Die eerste lesing in 2022: Om *Van den vos reynaerde* in Afrikaans te vertaal: Uitdagings en moontlike oplossings

Spreker: Prof. Henning Pieterse

OPSOMMING

Henning Pieterse aan die woord:

In die loop van 2020 het ek die Middelnederlandse diere-epos *Van den vos reynaerde* (c. 1250/1270) in Afrikaans vertaal en in 2021 die vertaling berym. In hierdie lesing verskaf ek 'n "verslag uit die werkwinkel" oor die vertaling en beryming van hierdie immer gewilde en steeds springlewende teks. (Die teks word tans gereed gemaak vir publikasie, met 'n Inleiding deur C.H.F. (Heinrich) Ohlhoff.) Ná die aanvanklike vertaling het ek gefokus op klanklike aspekte ter wille van die volgehoue paarrym oor 3 469 reëls heen. Daarna het die fokus verskuif na metries-ritmiese aspekte.

Verskeie probleme staar die (Afrikaanse) vertaler in die gesig met so 'n onderneming: naamgewing (van mens, dier en plek, asook seksuele konnotasies in die name); aanspreekvorme; woordorde in Middelnederlands teenoor dié in Afrikaans; ontkenningvorme in beide Middelnederlands en Afrikaans; die imperfektum, veral met betrekking tot swak werkwoorde in Middelnederlands; tussenwerpsels; Middeleeuse en hoofse simboliek en sosiale kodes (byvoorbeeld die status van die paap/pastoor/priester); die hantering van sadistiese geweld teenoor diere; om enkele kwessies te noem. (Van hierdie kwessies word uiteindelik by wyse van voetnote in die teks hanteer.)

Enkele van hierdie probleme sal uitgelig word deur parallelle uittreksels (in Middelnederlands en Afrikaans) as voorbeelde en moontlike oplossings voor te hou en kortliks te bespreek.

Met die vertaling het ek gepoog om sowel die Middeleeuse en hoofse sfeer te behou, as om die kontemporêre Afrikaanse of Nederlandse leser by daardie sfeer te betrek, sonder om noodwendig blindweg te wil "moderniseer" of "domestikeer".

(Die publikasie het in Oktober 2023 by Protea-boekhuis verskyn en dit is besonder goed deur resensente ontvang.)

Die tweede openbare lesing in 2022 het die vorm van 'n paneelgesprek aangeneem.

Etienne Leroux 100 jaar: 'n Huldiging


Hierdie openbare lesing het die vorm aangeneem van 'n rondetafel-gesprek ter herdenking van Etienne Leroux (1922-1989) se honderdste geboortejaar.

Sprekers: Dr Francois Smith, skrywer en senior lektor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, in gesprek met prof. Hennie van Coller, voormalige departementshoof, literator en vertaler, prof. Henning Pieterse, dosent, skrywer en vertaler en Natie Botes, nagraadse student en "Leroux-dissipel".





UITNODIGING



Hiermee word jy vriendelik uitgenooi na 'n populêre lesing aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat.

TWEEDE lesing in 2022: Etienne Leroux 100 jaar: 'n Huldiging.

Hierdie openbare lesing sal in die vorm van 'n rondetafelgesprek aangebied word ter herdenking van Etienne Leroux (1922-1989) se honderdste geboortejaar.

Spreekers: Dr Francois Smith, skrywer en senior lektor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, Universiteit van die Vrystaat, in gesprek met **prof Hennie van Coller**, voormalige departementshoof, literator en vertaler, **prof Henning Pieterse**, dosent, skrywer en vertaler en **Natie Botes**, studerende bouer en Leroux-dissipel.

RSVP by Ida Meiring: (meiringi@ufs.ac.za)

Datum: Vrydag, 12 Augustus 2022

Tyd: 11:00 – 12:00

Plek: Flippie Groenewoudgebou kamer 201, UV

RSVP: Vrydag, 5 Augustus 2022

UFSUV | UFSweb | UFSweb | ufsuv

*Inspiring excellence.
Transforming lives.*

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIBESITHI YA
FREISTAT




UFS
THE HUMANITIES

Die departement se totale Leroux-versameling in die literêre argief is intussen in 2023 volledig gedigitaliseer met die hulp van veral (oudkollega) dr. Burgert Senekal en mev. Gerda Stroebel (voorheen van NALN).

Derde lesing in 2022 (30 September)

'n Gesprek tussen prof. Naomi Morgan en dr. Albertus Barkhuizen oor die tema Madame Pylinska en die geheime van 'n literêre vertaler is in September 2022 georganiseer. Hulle het gesels oor prof. Morgan se vertaling van Eric-Emmanuel Schmitt se *Madame Pylinska et le Secret de Chopin* (Madame Pylinska en die geheim van Chopin).



dolos



Christo van Rensburg-gedenklesing

Prof. Christo Janse van Rensburg, 'n ouddepartementshoof van die Departement Afrikaans en Nederlands (UV), is op 13 Augustus 2018 oorlede. Hy was vanaf 1982-1988 aan die UV verbonde en onder sy leiding is uitnemende navorsing oor Afrikaans en Nederlandse taalkunde gedoen.

Hy was veral bekend vir die werk wat hy gedoen het om Afrikaans se variëteite te identifiseer, op te teken, te ontleed en aan die wêreld bekend te stel. Aan die UV het hy onder meer aan die hoof gestaan van die omvattende ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas.

Prof. Van Rensburg se akademiese uitnemendheid is deur die jare met talle toekennings, eerbewyse en pryse erken. In 2018 alleen (op tagtigjarige ouderdom) het hy twee groot pryse ontvang, naamlik die Jan H. Maraisprys vir uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal, sowel as die CJ Langenhovenprys vir Taalwetenskap. Hy laat 'n indrukwekkende lys vakwetenskaplike bydraes agter (in die vorm van artikels, boeke en bydraes in boeke).

Gedurende sy loopbaan was hy veral verbonde aan UP, NWU en UV en daarom het hierdie drie universiteite na sy afsterwe saamgewerk om eer aan hom te betoon deur die instel van die Christo van Rensburg-gedenklesing. Die lesing roteer tussen die drie universiteite. Die eerste lesing was in 2019 by NWU en aangebied deur prof. Hans du Plessis, die tweede lesing het in 2021 plaasgevind by UP met prof. Ernst Kotze as spreker. In 2022 tree die UV op as gasheer en dit was 'n voorreg om prof. Rufus Gouws, 'n leksikograaf as aanbieder te verwelkom.



**CHRISTO VAN RENSBURG
MEMORIAL LECTURE**

GUEST SPEAKER: PROF RUFUS GOUWS

Title: "Woordeboeke, die wêreld en die werklike taal".

Invitation
8 November 2022
17:30
Equitas auditorium

Rufus Gouws is professor in Afrikaans linguistics in the Department of Afrikaans and Dutch at Stellenbosch University. His research, teaching and supervision focus on metalexicography – a field in which he publishes extensively. He complements theoretical work with practical lexicography as co-editor of dictionaries like HAT, *Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands* and the multilingual specialised dictionary *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung*. Gouws is an editor of the journal *Lexicographica* and the book series *Lexicographica Series Maior*. He is a director in the consortium of EMLex, the European Master in Lexicography. Gouws was the first president of Afrilex, the African Association for Lexicography, of which he currently is an honorary member. He is the recipient of various grants, awards and prizes.

Rufus Gouws is professor in Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Sy navorsing, onderrig en studieleiding fokus op die metaleksikografie – 'n veld waarin hy wyd publiseer. Hy vul sy teoretiese werk aan met werk in die leksikografiese praktyk as mederedakteur van woordeboeke soos HAT, die *Prisma groot woordenboek Afrikaans en Nederlands* en die veeltalige vakwoordeboek *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung*. Gouws is 'n redakteur van die vaktydskrif *Lexicographica* en die boekreeks *Lexicographica Series Maior*. Hy is 'n direkteur van die konsortium van EMLex, die European Master in Lexicography. Hy was die eerste president van Afrilex, die African Association for Lexicography, en is tans 'n erelid. Gouws is die ontvanger van verskeie toekennings, beurse en pryse.

The lecture will be presented in Afrikaans. Interpreting services will be available.
Light refreshments will be served afterwards.
RSVP: Ida Meiring, meiring@ufs.ac.za before 1 November 2022.

www.ufs.ac.za
f UFSZV | i UFSv | UFSv | UFSv

Inspiring excellence, transforming lives through quality, impact, and care.

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIBESITHI KA
FREESTATA

UFS
THE HUMANITIES



dolos

Titel van die lesing: *Woordeboeke, die wêreld en die werklike taal*

Spreker: Prof. R Gouws.

Die lesing is ook op die departementele webblad beskikbaar.

Prof. Rufus Gouws het afgesluit met die volgende:

... taal is dinamies en aan voortdurende verandering onderhewig en gebruikers moet toegang tot dié taal verkry. Hierdie dinamika geld ook die leksikon met leksikale items wat nuut tot die leksikon toetree, ander wat verdwyn en nóg ander wat tussen die kern- en randwoordeskat beweeg. Ontwikkelinge in die buitetalige werklikheid lei tot aanpassings in die taal – want daar moet woorde wees om die betekenis van ’n nuwe konsep of saak te verwoord. Die leksikalisering van betekenis kan op verskillende maniere die leksikon verryk, onder meer deur die skep van nuwe samestellings, deur die uitbreiding van ’n woord se polisemiese paradigma en deur die skep van ’n nuwe woord.

Die Skandinawiese skrywer Henning Mankell sê in een van sy boeke dat die gruwels van die Tweede Wêreldoorlog so onuitspreeklik erg was dat geen woord bereid was om daardie betekenis te dra nie. Helaas het woorde nie sommer daardie keuse nie en taalgebruikers span hulle in om aan ’n bepaalde betekenis ’n landingsplek in die leksikon van ’n taal te gee – en daardie woorde moet in woordeboeke opgeneem word.

Veranderinge in die buitetalige werklikheid lei tot veranderinge in die taal. Volgens die Sapir-Whorff-hipotese weerspieël taal die werklikheidsiening van die gebruikers van daardie taal. Dit wat die taalgemeenskap ervaar, moet gekommunikeer kan word. Dit is interessant om te sien watter invloed ingrypende wêreldgebeure op die taal gehad het – en hoe woordeboeke daarop reageer. Kyk maar na ’n verskynsel soos beurtkrag en die woordveld wat daar rondom gevorm is. Waarskynlik die ingrypendste gebeure van die afgelope jare was die *Covid-19*-pandemie. Internasionaal het nie net die pandemie nie, maar ook nuwe woorde veld gewen. En die leksikografie het meegedoen.

In die leksikografie is daar gevestigde benaderings tot die opname al dan nie van neologismes. Woordeboeke moet nie eendagsvlieë opneem nie en daarom is gebruiksfrekwensie met optekeninge uit verskillende geografiese gebiede van die taalgemeenskap en oor ’n bepaalde verloop van tyd heen, bepalend in die opnamebeleid. Gevolglik het min woorde in hulle optrede as neologismes die woordeboekpaal gehaal. Wanneer ’n nuwe woord wel kwalifiseer vir optekening is dit gewoonlik nie as neologisme geëtiketteer nie want teen die tyd wat die gedrukte woordeboek verskyn, is die woord reeds gevestig in die leksikon van die taal.

Die *Covid*-pandemie het tot ’n ontploffing van nuwe woorde en uitdrukkings gelei en dit het dwarsdeur die wêreld en die tale van die wêreld gegeld. *Covid*-terminologie was internasionaal ’n bindmiddel tussen sprekers van verskillende tale. Lawson (2020) sê:

“Coronavirus has led to an explosion of new words and phrases, both in English and in other languages. This new vocabulary helps us make sense of the changes that have suddenly become part of our everyday lives. In times of significant social or civic change, linguistic creativity not only reflects the major preoccupations of the time, but also shows how people gather to talk about new challenges

dolos



and contexts. As coronavirus rages on, understanding the language surrounding it will be ever more important.”

Klosa en Kernermann (2022) bevat ’n verskeidenheid opstelle wat handel oor verskillende tale se leksikografiese hantering van *Corona*-neologismes. Hieruit is dit duidelik dat die pandemie leksikograwe gedwing het om op ’n nuwe manier met neologismes om te gaan en die aanlyn omgewing kon hier veel beter vaar as gedrukte woordeboeke. Leksikograwe van aanlyn woordeboeke het die gebruiklike embargo op ’n kitsopname van neologismes in die ban gedoen en onmiddellik, hetsy in algemene woordeboeke, hetsy in spesiale neologismebylae, ’n opname en bewerking van *Corona*-woorde gebied. Die woordeboek het sy vingers op die pols van die wêreld buite die woordeboek gehad en kon die taalgemeenskap ingelig hou.

Afrikaans trek hier ongelukkig aan die kortste end omdat ons aanlyn woordeboeke nog nie naastenby gesofistikeerd genoeg is nie. Afrikaans se aanlyn woordeboeke is meestal digitale weergawes van gedrukte woordeboeke wat nie genoegsaam vir die vinnige daarstelling van nuwe data voorsiening maak nie en ook nie oor die strukture beskik wat dinamiese woordeboekartikels moontlik maak nie. Die beperkte mate waarin Afrikaanse woordeboeke vinnig op *Corona*-neologismes kon reageer, wys dat daar baie werk wag om gedoen te word. Afrikaans het ’n volwaardige aanlyn woordeboek nodig. Daarsonder is ’n vinnige en bevredigende leksikografiese daarstelling van woorde, die veranderende werklike taal en die wêreld- en werklikheidsiening van sy taalgemeenskap nie moontlik nie.

Oor agt jaar is die WAT voltooi; dan is 104 van die beraamde 3 jaar verby. Hopelik kan die WAT daarna nie net die opdatering van die bestaande dele onderneem nie, maar ook deur ’n volwaardige aanlyn aanbod die Afrikaanse taalgemeenskap nog beter ter wille wees om die daarstelling van ’n wyer spektrum leksikografiese produkte moontlik te maak.

Wanneer die aanlyn omgewing optimaal benut word, kan daar vir elke woordeboek ook loglêers saamgestel word om aan leksikograwe ’n aanduiding te gee van die tipiese gebruikersituasie en die tipiese naslaanhandelinge wat teikengebruikers in die woordeboeke uitvoer. Ook kan vasgestel word watter woorde in hulle woordeboeke gereeld deur die teikengebruikersgroep nageslaan word en watter nie. Met hierdie inligting beskikbaar, sal woordeboeke op ’n vernuwende manier aangepas word sodat hulle op die teikengebruikers se werklike leksikografiese behoeftes gerig is en nie volgens die leksikograaf se subjektiewe siening van wat in ’n bepaalde woordeboek moet verskyn, saamgestel is nie.

Dan sal Christo van Rensburg se versugting na ’n woordeboek wat slegs laegebruiksfrekwensiewoorde bevat, ’n werklikheid kan word.

Baie dankie.

Rufus



Doktorsgrade vir doseerpersoneel in die departement



Die kollegas in die departement het onderskeidelik in 2020, 2021 en vroeg in 2022 hul doktorsgrade behaal. Hier is van links na regs, dr. Trudie Strauss (Afdeling Duits), dr. Albertus Barkhuizen (Afdeling Frans) en dr. Alison Stander (Afdeling Afrikaans en Nederlands) in ligte luim in 2022 voor die hoofgebou. Dr. Carla Ellis (Afdeling Afrikaans en Nederlands) het in Desember 2022 haar PhD behaal. Hier is sy saam prof. Cilliers van den Berg (haar toe-verloofde van die Afdeling Duits).

Kreatiewe skryfkuns

Skryfkunskursus spog met nog vier boeke in 2022



Van links na regs: Henning Pieterse, Franco Colin, Francois Smith, Pieter Stoffberg
Voor: Adele Vorster

dolos



Op Woensdag 3 Augustus 2022 het die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die UV drie boeke bekendgestel wat uit die kraal kom van sy MA vir kreatiewe skryfkuns. Die skrywers betrokke was Franco Colin, Adele Vorster en Pieter Stoffberg.

Prof. Angelique van Niekerk (departementshoof) het die bekendstelling en verwelkoming gedoen waarna die twee studieleiers en skryfbegeleiers, prof. Henning Pieterse en dr. Francois Smith die onderhoude gevoer het. Ten spyte van die drie uiteenlopende publikasies was die sentrale tema in al drie gevalle kwesbaarheid en krag.

Dr. Franco Colin is 'n psigiater van Pretoria en sy digbundel, *Skeletaal*, by die uitgewer Imprimatur, is reeds baie goed ontvang deur verskeie resensente. Colin vertel dat hy oor die stemlose kwesbares skryf. Poësie is volgens Colin gekondenseerde emosie. Hy het 'n voorliefde vir intellektuele poësie en ook in sy eie digwerk sal die leser wat die uitdaging aanneem, ryklik beloon word.


Pieter Stoffberg, 'n regsman van Ermelo, se roman *Tenk* is deur Penguin-Random House uitgegee. Dit is in sy eie woorde "faction" en 90% daarvan spruit uit onderhoude, dagboeke en gesprekke met mense wat deel gehad het aan die oorlog in 1987 in Angola. Hy belig die komplekse aard van oorlog vir diegene voor en agter die tenk. Dis egter ook 'n eg menslike verhaal van hoop en moed.

Adele Vorster was ook 'n voorgraadse student van die departement. Haar boek, *Tien voor een* (Protea-uitgewers) takel die gewigtige temas eetverslawing, liefdesteleurstelling en jeugtrauma. Adele se boek is in haar eie woorde "'n fisieke manifestasie van haar heelwording".

Die bekendstelling was ook 'n *dankie* aan die drie genoemde uitgewers en spesifiek *Protea*-uitgewers vir hul teenwoordigheid. Dit was ook 'n spoggeleentheid vir die kundigheid van die skryfbegeleiers, prof. Henning Pieterse en dr. Francois Smith - beide skrywers in eie reg.

Die bekendstelling was 'n viering van drie van nie minder nie as vyf boeke wat in 2022 vanuit die departement se program vir Kreatiewe Skryfkuns die lig sien.

Meer besonderhede oor die MA in Kreatiewe Skryfkuns en PhD in Kreatiewe Skryfkuns is op die departement se webblad en die fakulteit se reëlboek te vind.



Chris Vorster se PhD 'n ode aan impak van Egoli-skepper, Franz Marx

Geskryf deur Rulanzien Martin



Prof. Henning Pieterse en dr. Chris Vorster

“Erg intimiderend”, is hoe dr. Chris Vorster sy doktorsgraad in Kreatiewe Skryfkuns beskryf. Vorster het sy graad tydens die oggendseremonie van die Universiteit van die Vrystaat (UV) se April-gradeplegtighede ontvang. Hy is sedert 2015 ’n dosent in Film en Visuele Media in die UV se Fakulteit Geesteswetenskappe. Die doktorsgraad is ook die eerste PhD-kwalifikasie in kreatiewe skryfkuns wat in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans toegeken is, is nie net ’n pluimpie vir dr. Vorster nie, maar ook vir die departement, asook vir sy studieleier en promotor, prof. Henning Pieterse. Die titel van sy proefskrif is “’n Praktykbeheerde perspektief op Franz Marx as die sentrale figuur in die ontstaan van die eerste Afrikaanse TV-dagvervolgverhaal”. Dit is ’n ode aan die werk en nalatenskap van Franz Marx wat in 2021 oorlede is.

Die proefskrif verewig die nalatenskap van Franz Marx.

Die gebrek aan, of baie min inligting wat oor Franz Marx en ook oor ander TV-skrywers beskikbaar is, het dr. Vorster genoop om sy proefskrif op die invloedryke Franz Marx te fokus. “Franz Marx se invloed op Suid-Afrikaanse televisie is legendaries en dit was ’n voorreg om sy nalatenskap te verewig,” se dr. Vorster. Sy PhD-navorsing het hoofsaaklik uit twee fases bestaan. Die eerste fase het gefokus op die faktore wat Franz Marx as kunstenaar beïnvloed het in die skepping van die sepie Egoli: Plek van Goud. Dit was praktykgebaseerde navorsing deur middel van onderhoude met Franz Marx en 30 TV-praktisyns, waarna hy dit binne die Suid-Afrikaanse TV-bedryf gekontekstualiseer het. Die tweede fase was die kreatiewe skryfkuns-komponent, wat gerealiseer het in die vorm van ’n Afrikaanse tele-novelle-hibried met die titel Skietstilstand, wat fokus op ’n klein produksiespan wat sukkel om ’n nuwe sitkom te vervaardig. “Ek het dit (navorsing) verder ook in perspektief geplaas met behulp van ekstensiewe literatuurstudie,” sê hy.

Droom van gehalte-televisie as dryfveer

Daar moet vir enige doktorsgraad-kandidaat ’n mate van motivering wees om intensiewe navorsing oor ’n gegewe onderwerp te doen. Vir dr. Vorster was hierdie motivering sy ewige wens dat daar eendag genoeg geld sal wees om gehalte-televisie in Suid-Afrika te vervaardig. “Ons het die talent en die wíl, maar sonder genoegsame begroting sal ons TV-bedryf altyd net vervelige klets- en kookprogramme oplewer,” sê dr. Vorster. Vir mededosente en diegene met doktorsgraad-voornemens is dr. Vorster se raad as volg: “Doen BAIE moeite met jou navorsingsvoorstel, maak seker dat jou studie in detail uitgewerk is voordat jy die titel registreer; moenie oorhaastig wees nie! Verseker ook dat jou onderwerp iets is waarmee jy dag en nag vir jare en jare wil omgaan!”

dolos



2022 se studente se eerste skryfstukke in die eerstejaar van die MA in kreatiewe skryfkuns:

Hier volg van die kort skryfstukke van die eerstejaarsgroep in die gestruktureerde MA-program vir Kreatiewe skryfkuns:

Debora slaan terug

Deur: Johan J. Smith

Debora se sigaretaansteker laat die pyl vlam vat. Die doodsengel met 'n pyl, dis wat dit is. Nie pil nie, pyl, my fok. Waar val hy met pille uit? Sy soek 'n plek om die stompie weg te gooi. Twee jong botterbulletjies kom aangedrentel – jonger weergawes van Dirk – sonder die duur labels op hul klere. Donnerse hipsters. Dit breek haar brein – nuwe-klere-wat-soos-ou-klere-lyk-maar-wat-donners-onbekostigbaar-is. Die sigaretkool brand diep en rooi as sy hulle oë vermy. “Jy klink soos jou ma, Debora,” kak sy haarself uit. Maar op 36, is daar darem nog 'n paar myle om te stap voor sy soos Mommy Dearest lyk. Toe sy die swart Range Rover op die parkeerterrein sien, kon sy dit nie glo nie. Die vermetelheid. Hoe kon hy?

Hy het eenkeer daaroor geskerts oor aandete by sy ma-hulle se huis in Woodland Hills. Dat hy dalk die M moet doen in Kreatiewe Skryfwerk by Kovyies.

Sy pa het gelag. “Hoekom sal iemand wat al kortverhale gepubliseer het sy tyd wil mors? Jy kan mos skryf.”

Dirk het ook gelag en vir Debora geknippoog.

“Help liever vir Deborakie as sy die kursus volgende jaar gaan aanpak,” het sy pa gemaak-ernstig gesê.

Sy het nie gelag nie.

Hulle is almal dieselfde. Born with silver spoon in hand. Ougeld. Een van die grootste vragmaatskappye in die Vrystaat. Weke by lodges in Zambië. Naweke by hul strandhuis in Llandudno. Soveel anders as die mense wat sy ken van Loxton waar haar pa geboer het. Hoe kon sy so stupid wees?

Debora soek die nommer op haar foon, die nommer wat sy al lankal wou uitgegee het, en tik die boodskap.

Dan die skrik. Sy druk haar foon teen haar bors vas. Dis die donnerse prof.

“Is als oukei, Hartjie?”

Het die ou gesien waarmee sy besig is? Debora wil haar vererg vir die prof.

“Skuus, ja. Ek is nou daar, ek stuur net gou iets.”



Die prof se gesig versag. “Jy het bietjie ongemaklik gelyk met Dirk se voorlesing. Asof die storie jou onstel het. En toe begin jy verwoed tik op jou iPad.”

Ja, Prof, dit het. Daai fokker was vier jaar se wasgoed van ons gefaalde verhouding voor jou en daai vet boer, dink Debora. “Ek is reg, dankie,” sê sy.

Sy sien hoe sy blik na haar borste daal. Sy draai haar bolyf dwars. “Ek wil graag my storie-idee verander,” sê sy. “Ek het gedink omdat dit nou eers die eerste dag van die kursus is, het ons nog tyd. Ek sal volgende week my volledige voorstel stuur.”

“Is jy seker? Ek het gehou van jou post-apokaliptiese idee wat in die Karoo afspeel. Alhoewel dit my bietjie aan Deon Meyer se *Koors* herinner het.”

“Ek sal die begin nou voorlees in die klas. Is dit in orde?”

“Wel, dis jou boek, Hartjie. Ek sien jou in die klas.”

Toe sy inkom, kyk Dirk vlugtig na haar en dan weer op sy notas. Hy glimlag. Voor sy gaan sit, wens sy sy kan sy kop inslaan dat die bloed spat op daardie klassieke molvel-notaboek van hom. Debora sit haar selfoon voor haar neer, langs haar iPad. Die foon is steeds oop op Whatsapp, maar die boodskap is nog nie gestuur nie.

“Goed, manne en dametjie, kom ons gesels bietjie meer oor Dirk se toekomstige pryswenner.” Die professor knip sy oë vinnig. “Kobus, jy wou iets sê voor ons breuk?”

’n Oorgewig lummel geklee in kakie en bruin skuif rond in sy stoel. Hy tik sy pen op sy grensoorlognotas voor hy begin praat, harder as wat nodig is in dié klein lokaal. “Wel, ek dink dis nodig dat iemand vir ’n slag iets skryf uit ’n manlike oogpunt,” sê hy. “Ek is redelik moeg vir sop-stories deur huisvroue wat teem en kla oor hoe sleg mans is. Mense moet kan lees dat mans ook somtyds aan die korste end trek. Ek sukkel bietjie met die ... wat sal mens dit noem? Verbeeldingryke skryfstyl? Maar dis maar net ek. Ek dink omdat ek heeldag sit met grensstories met bloed en derms vergeet mens soms dat daar ’n sagte, mooi kant ook is aan skryf.”

Debora kyk strak voor haar uit, dan na die lummel. Hoe kan ’n vrou so ’n man liefhê? Die sweetkolle onder sy arms laat verstik haar neusholtes, al kan sy hom nie ruik nie. Hoe vat sy vrou aan hom?

Die lummel lag vir sy eie grappie. Dirk en prof. Nienaber glimlag ook.

Die dosent druk sy wysvinger en middelvinger teen sy regterslaap. “Dirk, lees vir ons gou weer die slot, die laaste paragraaf van jou storie,” sê hy.

Dirk kyk op sy notas. “Met plesier.”

dolos



Debora knyp haar oë toe. Net nie weer nie.

Hy spring weg en begin lees.

Pieter kyk vir 'n laaste keer in haar blou oë. Sou dit dieselfde kleur gewees het as sy dogtertjie of seuntjie s'n? Oë wat sou gelag het as hy die kindjie optel en in die lug opgooi of as hy hom gekielie het met sy fors arms? Dieselfde oë wat tranerig sou dam as hy bang was vir die donker of die onsigbare spoke wat die lewe optower uit sy donker kern? Hy sal nooit weet nie. Daai ogies sal nooit sien nie. Daai ogies sal nooit wees nie. Daai kindjie sal nooit die lewe proe nie. Die doodsengel, met 'n pil, nie 'n sekel nie, het een middag gedurende etensuur daai kindjie se lewetjie kortgeknip. "Totsiens, Debbie. Ek hoop jy is nou gelukkig."

Debora voel soos huil. Sy kan nie glo hy het selfs die vroulike karakter in sy storie "Debbie" genoem nie. Sy arrogansie ken geen perke nie.

Dirk sit die notas neer, daar is 'n frons op sy voorkop.

Prof. Nienaber kyk na die lummel. Hy kyk nie na Dirk nie. Hy kyk nie na haar nie. Weet die prof hoekom Dirk hier is?

"Sien julle die woordspeling?" sê Nienaber.

Woordspeling? Hy speel met my lewe!

"Sien julle hoe hy sy hartseer verwoord met beeldspraak? Die leser voel dadelik simpatie met die karakter, selfs meer nou as wat die res van die verhaal gedoen het. En dis fyn, dis nie oordrewe nie. Die harde, perfeksionistiese Pieter neem afskeid op so 'n manier dat dit die leser totaal en al oorrompel. Wat is julle gevoel?"

Hy kyk na Debora wat besig is om iets op haar iPad te tik. Dan na die lummel.

"Dis tragies," sê die lummel ingedagte. "Jy kan sien hy wou so graag daai baba gehad het. Ek verstaan ook steeds nie die poppie se argumente nie. Hy het dit dan uitgespel. Sy is 36. Al amper oor die muur. Sy kan van die huis af werk, want hy maak genoeg geld. Maar dis tipies vroumense van vandag. Hulle wil mos hulle eie potjie krap. Om net by die huis te bly, vir 'n man te sorg en kinders groot te maak is mos benede hulle. Dis hoekom die donnerse wêreld in so 'n toestand is. Familienorme is in sy moer in. Skuus vir die vloekwoord, Prof."

Debora wens die sweetdruppels op die lummel se voorkop wil verander in batterysuur.

Prof. Nienaber glimlag vir sy ruheid. "Maar sy het hom verneuk?" sê hy. "Was dit nie genoeg rede nie?"

Debora sien hoe die lummel verstyf.



“Is dit genoeg rede om te gaan vir ’n aborsie?” sê hy. Sy stem is nou hoog. “Dit het dan gebeur nadat sy die kind vermoor het?”

Debora byt op haar tande. Haar hande in mekaar geklem. Dan kan sy dit nie keer nie. “Liesel was nie na die tyd nie, fokkit.”

Nienaber draai na Debora. “Het jy iets gesê, Debora?”

“Nee Prof, somer hardop gedink.”

Die lummel gaan voort. “Hulle kan nou maar sê wat hulle wil, aborsie is moord.”

Daar is uitsonderings op die reël, jou bliksem, dink Debora.

“Wat is jou gevoel, Debora? Stem jy saam met Kobus?” hoor sy die prof se stem bulder.

Deborah besef eers na ’n ruk dat hy na die lummel verwys. Sy sien hoe Dirk vir haar kyk.

“Ek dink dis ’n bietjie sentimenteel,” sê sy.

Die professor kyk verbaas op. “Ja, wat laat jou so dink?” vra hy.

“Wel, daar word nie veel gesê oor die vrou se redes nie. Ek dink nie daar word veel ruimte gegun nie. ’n Vrou besluit nie so iets oornag nie. Ek dink haar redes word verskuil. En omdat Pieter so diep in sy eie gat opgekrui is, kom hy dit nie eers agter nie.”

“Vat-so, jou boef!” skree die lummel en lag. Dirk lag egter nie.

As iemand nie hierdie bobbejaan binnekort ’n snotklap gaan gee nie sal sy maar moet, dink Debora voor sy voortgaan.

“Al waaroor hy worry, is homself. Hy wat nie meer ’n pappie gaan wees nie. Hy wat nie meer iemand gaan hê wat sy naam gaan dra nie. Hy verwys glad na die baba as ‘hy’ die meeste van die tyd. En wat hy vir sy skatryk en “o so heilige” ouers gaan sê. So, hy het haar verneuk nadat die vrou die aborsie gehad het? Sjoë, dis so respektabel van die karakter. Asof dit dinge beter maak.”

Dirk skud sy kop, antwoord dan: “Ek dink daar was geleentheid vir haar om te gesels en haar redes te verduidelik. Ja, daar is gevalle in haar bloedlyn van moeilike kraamgevalle en sterftes. Maar mens moet ook onthou dat Pieter se bloedlyn amper adellik is.”

Debora begin sinies lag. “Jis, die Pieter-karakter klink vir my soos ’n pompous doos,” snork sy.

Die lummel wil lag maar kyk vir die prof.

“Stadig nou,” antwoord prof. Nienaber. “Ek weet ons het gesê alle kritiek is welkom, maar ons moet ook nie ongeskik wees nie, Debora.”

dolos



Debora skud net haar kop en kruis haar arms.

“Debora het dalk ’n punt beet,” dink die prof hardop terwyl hy sy neusbrug vasknyp. “Die vroulike karakter se redes vir die aborsie is nie heeltemal duidelik nie. Ek kry ook soms die gevoel sy steek iets weg en dat sy nie heeltemal eerlik is nie. Die vrou voel sy is ingedoen en te na gekom, deur die man, en deur sy familie. Daai deel, glo ek, sal seker later in die verhaal duidelik word? Dirk, jy het gesê daar is nog intriges wat kom? En dat hierdie net een deel van die verhaal is wat inmekaar vleg?”

Dirk knik. “Inderdaad, Prof. Die storie is heelwat meer as net oor ’n gefaalde verhouding en ’n afsydige vrou.”

Weer moet Debora die braak terugsluk.

“Goed. Ons sal volgende week die storie hervat. Ek sien uit na wat gaan kom.” Prof. Nienaber staan op. “Ek dink dalk moet julle weer ’n rokie gaan maak om die gemoedere te kalmeer. Vyf minute?”

Halfpad by die trappe af by die ingang, kom Debora agter dat sy haar aansteker in die klas vergeet het. Sy draai vinnig om, té vinnig, en loop trompop in Dirk vas. Haar selfoon val, klater op die vloer, rol darem nie by die trap af nie.

“Gots,” prewel Debora klankloos, net die g-klanke wat gorrel binne haar mond.

Hy kyk haar in haar oë, sy selfoon steeds teen sy oor. Hy glimlag uitdagend.

Sy wit tande herinner haar aan die mure wat haar omvou.

Debora stryk haar linnebroek glad, buk dan af en tel haar foon op. Sy oorweeg dit om een trappie op te klim sodat sy langs hom kan staan, maar haar moed begeef haar en sy bly op die onderste trap staan. Die idee dat sy moet opkyk na hom steek haar dwars in die krop, sy vol weer die naarheid wat binne haar opstoot.

“Is hy darem nie stukkend nie?” Dirk kyk haar reguit in die oë. Hy het intussen sy foon terug in sy broeksak gesit en haal stadig ’n pakkie sigarette uit sy sak.

Debora kyk na haar skerm en dan na hom. Die hoeke van haar mond begin versag, en trek stadig, baie stadig na bo. Sy kyk hom priemend in die oë en skud haar kop – amper onsigbaar. “As hy net kon weet ...” vorm die woorde in haar gedagtes.

Dirk hou die pakkie sigarette na haar uit. “Smoke?”

“Ek het my eie.”

“Suit yourself.” Hy steek sy sigaret aan. Dit pla hom skynbaar min dat hy binne die gebou die sigaret aangesteek het. Dan weer die kyk.



Dis die manier hoe hy nog altyd deur haar gekyk het – asof hy kyk deur ’n venster van ’n troeteldierwinkel, na jong Dalmations in ’n hok. Dalk moet sy tog ... Nee, dit moet gedoen word. Sy kyk weg.

“So, hoe vorder jou Zombiestorie? Ek is seker jy het al vir Reagan van die *Walking Dead* ingebring? Of het jou celebrity crush intussen verander?” vra Dirk, en dwing haar blik teen haar sin terug.

Debora vou haar arms. “Dit laat my wonder watter een van jou crushes jy gebruik het in jou storie? Of dalk is daar reeds ’n look-a like in jou huidige lewensverhaal?”

Dirk krap sy linkerskouer met sy regterhand voor hy antwoord. Debora ken dié gebaar. “Nee-wat,” sê Dirk. Ek hou hulle maar op die TV-screen. Beslis minder drama.”

Debora trek haar asem in. “Hoekom is jy hier, Dirk?”

Dirk trek diep aan sy sigaret, blaas die rook deur sy neus. “Wel, ek weet ek kan skryf. Mens is egter nooit te oud om te leer nie, nie waar nie?” Hy glimlag.

“Is dit die enigste rede?” vra Debora.

Dirk se blik raak ernstig. “Nie heeltemal nie. Ek moet seker op ’n manier vir iemand vertel wat jy aangevang het. En imagine net – as hulle my kortverhaal publiseer, gaan almal weet. Die reïne nooi van Loxton wat ons baba in die kakhuis geflush het.”

Debora skuur by hom verby. Sy versnel toe sy by die trappe by die vloer voor hulle klaskamer kom, en hardloop hulle twee-twee uit. Die geklak van haar skoene klink vir haar soos sekondewysers wat uit pas vinniger word – maar dis nie asof dié oomblik van loutere hel vinniger gaan verbygaan nie. Dis asof sy in ’n nagmerrie vasgevang is waar haar voete in die trappe wegsak en sy nie kan beweeg nie. Die wit mure omsingel haar. Net voor die klas se deur trek sy haar bloes reg, reguleer haar asem, en stap na binne.

Prof. Nienaber kyk verbaas na haar. “Dit was vinnig?”

“Ek het van plan verander.” Debora kyk na die lummel wat besig is met iets diabolies onder sy duimnael. Haar bene wankel effens. Sy moet net nie nou begin grens nie. “Hou dit bymekaar, Debora,” sê sy vir haarself.

Na wat voel soos ’n ewigheid kom Dirk ingestap. Hy kyk nie in haar rigting nie.

“Welkom terug,” sê Nienaber en probeer hard om opreg vriendelik te lyk. “Toe ek vroeër buite was, het Debora my vertel sy gaan haar storie-idee heeltemal verander. Verstaan ek reg?” Die prof wag vir ’n antwoord maar kry nie een nie.

dolos



Die lummel lyk vir Debora afgehaal. Dalk omdat hy nog sy storie moet voorlees.

Debora skuif haar iPad reg.

“Is dit wat jy besig was om gedurende vandag se klas te tik?” vra die lummel.

Sy kyk na hom en glimlag. “Soort van. Dis ’n work in progress.”

“So, waarom is jou nuwe idee?” vra Dirk. “Nie meer zombies in die Karoo nie?”

Debora hoor hoe die lummel lag en hoe hy tussendeur sy geblaf soek na woorde. “Het julle hierdie joke gehoor van die Aussie en Kiwi op die skaapplaas gedurende Kersfees?”

“Kom ons gee vir Debora ’n kans, manne,” berispe prof die manne speels. “So vertel ons van jou nuwe idee?”

Debora trek haar asem diep in. “Weet julle, dis ook oor verhoudings,” sê sy. “Oor ’n huisgesin. Maar nie so fancy soos Dirk s’n nie. Dink eerder aan *Triomf* van Marlene van Niekerk of *Beertjie en sy Boytjies* van R.R. Ryger. Dit speel af in Randfontein. Dié is twee van die karakters wat ’n huis deel saam met ’n ander gesin, of eerder, hulle bly in die agterplaas in ’n buitekamer.”

“Dit klink interessant. So laat ons hoor.” Die prof staan op en gaan staan voor die venster.

Debora haal diep asem. Sy skuif weer die selfoon reguit langs die iPad, en maak seker hy is uit die slaapmodus.

Gertie kyk na die Greyhound en Intercap-busse wat hul rook swart uitblaf by die Engen-garage. Die son is besig om sy laaste asem sukkelend tussen die rook te blaas. Sy trek haar blou sweetpakbaadjie stywer vas, en maak haar sigaret dood in die asbakkie op die draadtafeltjie. Sy sien haar pinkienael is gekraak.

Jake vat nog ’n sluk van sy bier. Hy kyk na Gertie. “So dis dit. Vier jaar down the drain. En dis nie al wat by die drein af is nie, is dit?”

“Fok jou.” Gerty se oog begin spring. Sy staan op, tel haar pienk sak op. “Jy dink ek het die baby doorgemaak omdat nie een van ons ’n job het nie? Omdat ons in ’n buitekamer bly? Weet jy, dit het my nie gepla nie. Dinge sou draai. Ons kon teruggetrek het na my ma-hulle toe op Welkom. Jy kon my pa gehelp het met sy grassnyerbesigheid, ek kon in die bakkerij gewerk het. En dis wat ek nou gaan doen. Sonder jou. Jy het nooit gevra hoekom ek die kind wou abort nie. Of jy hét, maar jy wou nie régtig weet nie. Onthou jy daai naweek by Magaliesburg? Toe jy en jou broers en jou pa heelnag gesuip het? Wat was die plek se naam? Royal African Lodge? Nogal ’n lanie naam vir so ’n iffy plek, nè?”

Dirk kyk op van sy notas en staar na Debora.



Debora kyk vir Dirk. Sy skuif 'n haarsliert agter haar oor in. Dis asof sy met nuwe oë na die teks voor haar kyk. Die swart letters op die skerm voor haar kom in formasie. Hulle marsjeer. Hulle is op pad êrens heen. Soos Reagan met sy baseball bat voor 'n trop Zombies. Hier is dit nou. Die G-letter van die sin begin vorm aanneem in haar mond. Soos 'n regter, op die punt om 'n doodsvonnis uit te spreek.

Gerty steek nog 'n sigaret op.

Debora weet, die swaai van die bofbalkolf is in volle vaart. En die slag is op pad.

“Ek het vroeg gaan inkruip want ek het kopseer gehad. Ek wou jou gaan good night soen, maar jy was so gesuip jy kon skaars regop staan. My maag was anyway nie lekker van daai vetterige spit nie. Ek het nog daai pienk nagrokkie aangetrek wat jou ma vir my gekoop het vir Kersfees. Dalk met die hoop dat jy die volgende oggend bietjie aan my kan vat. Dat jy bietjie kan vergeet van Liesl, daai tert met haar rooi lippe en dik gat.”

Jake skuif ongemaklik in sy draadstoel. Die as val van sy Chesterfield op die leë bord met die paar verdwaalde skyfies.

Dirk se oë rek. Debora haal asem, gaan voort.

“Daai nag toe jy dilapidated in jou eie kots op een van die banke in die lapa gelê het, het iets gebeur, Jake Gerber.”

“Wat het gebeur, Gerty? Moet my nie kom kak tune nie.”

Prof. Nienaber draai om na Debora. “Ek hou baie van die karakterisering. Die dialoog is ook goed tot dusver. Wat dink julle?”

Dirk staar voor hom uit. Sy linkerhand bewe effens op die tafel. Die lummel glimlag ingenome by homself. “Ek het 'n niggie van Randfontein. Hulle praat net so.”

“Dankie” antwoord Debora. “Dit raak egter beter.” Sy kyk vir Dirk, maar hy staar steeds voor hom uit.

Debora lees aan.

“Ek was al aan die slaap, toe voel ek iemand langs my inklim. Ek kon die drank ruik. Ek het gedink dis jy wat kom slaap het. Maar aan die seningrige kaal lyf kon ek voel dit was nie jy nie. Hy het die bedliggie aangesit en my op my rug gedraai. Toe lig hy die rokkie op en stamp homself binne in my in. Dit was seer. Hy het lank aangehou want die Klipdrift het hom seker sterk gemaak. Ek het probeer skree, maar hy het sy hand oor my mond gedruk. Die rondawel was anyway die verste van almal.”

Jake staan vinnig op van sy stoel. “Jissis, Gerty, wat vertel jy ...”

“Bly stil! Jy wil mos weet!”

dolos



“Toe hy klaar sy skoot binne in my geskiet het, het hy van my afgerol en sy klere langs die bed aangetrek. Toe sê hy: “Jy beter maar hierdie ’n secret hou, jy weet my family dink nie veel van jou nie, nè, Gerty?”

Jake gaan sit weer, sy ken op sy bors. Hy staar na sy leë bierglas.

“Ek het daai hele oggend gehuil toe jy by die rondawel inkom. Maar jy was so fucked-up dat jy nie omgee het nie.”

Gerty draai na die Intercape-bus.

“Nou weet jy, Jake Gerber. Die baby was jou broer Wessel se kind. Die kind wat hy gemaak het toe hy my gerape het. En dis hoekom ek ’n abortion gekry het.”

Dirk se mond hang oop. Hy is wasbleek.


Debora blaas haar asem uit en maak haar iPad toe. Dan tel sy haar foon op en stuur ’n boodskap. Sy talm ’n paar sekondes, maak seker die twee regmerkies is langs die gestuurde boodskap.

Dirk draai na haar. “Debora.”

Debora pak haar goed in haar sak. “Verskoon my, Prof, maar ek moet eers gaan.”

Sy stop by die klaskamer se deur toe sy ’n selfoon hoor biep. Sy draai om en kyk in Dirk se rigting.

“Dis my broer.” Sê Dirk terwyl hy met groot oë na die skerm kyk. “Jirre tog, Debora.”



Kettie

Deur: Jacques Myburgh

Lynwoodweg lyk vir my soos 'n toneel uit The Walking Dead. Die straat is gestroop van sy jakarandabome om plek te maak vir die nuwe Metro-busdiens. Deesdae voel dit vir my of iemand met geweld en mening my ook middeldeer gesaag het. Al het ek vir die afgelope vier jaar my wortels gegrawe in hierdie stad met sy oormaat wit Fortuners en tannies met perms wie se hoogtepunt 'n Saterdagoggend in Menlyn is, is ek nou dor.

Ek word steeds nie raakgesien nie. Hierdie kursus is nou my laaste poging, en as ek terselfdertyd 'n meestersgraad kan kry, why not? Ek het al so baie briewe vir hom gestuur. My eie pogings tot digkuns. Hy het nooit teruggeskryf nie. Hopelik sal hierdie M my help om nader aan hom te kom en sal ek uiteindelik my vingers deur sy grys krullebol kan trek terwyl hy een van sy gedigte vir my voorlees. Kom ek timmer vir oulaas aan die opdrag wat hy vir ons vir ons eerste klas aangestuur het.

Op die stoof is 'n pot Maltabellapap. My ma het dit altyd vir ons voor skool gemaak. Weet nie hoekom ek nou weer lus geword het daarvoor nie. Ek was toe nog so naïef.

Die enigste dogter van die local mechanic op die dorp. Tzaneen se grease monkeys. My broers kon nie verstaan hoekom ek 'n liefde vir die digkuns ontwikkel het nie. Vir hulle het die lewe oor rugby gegaan en wie hulle in die losgemaak met 'n vuig kon bykom. Selfs toe het ek al vir hom begin skryf. Ek het nie 'n adres gehad om dit na toe te stuur nie, maar die briewe in my bedkassie bewaar. Tot Simon en Pieter op die stapel briewe en gedigte afgekom het. Soos twee kalkoene het hulle gekekkel en my gekoggel daarvoor voordat Pieter dit opgeskeur het. Daar was min tot geen privaatheid nie. Die drie van ons moes 'n slaapkamer deel en hulle het my een keer afgeloer toe ek my skoolhemp aangetrek het.

Van toe af het hulle my Tammy Tamaai Tepels genoem. Of gesê my nippels kyk soos 'n verkleurmannetjie se oë wat in verskillende rigtings kyk. Badprop Boobs was ook 'n gunsteling vir hulle.

Nou staan ek weer voor die spieël en bestudeer myself. Fok hulle ook, man. Ek hou van my nippels en ek kan myself net verbeel hoe sy tong dit liggies betas en hy speels met sy voortande daaraan knibbel.

Wat ruik so? Dêmmitt. Ek het pap verbrand.

Ek gryp die swart Joy Division-hemp wat in 'n bondel op die grond lê en trek dit oor my kop. Daar is nie nou tyd om te sukkel met 'n bra se hakkies nie.

Die gitswart pap sit ek net so in die wasbak en draai die stoof af. Ek gryp die papiere en my jongste poging vir sy opdrag. Daar is nie nou nog tyd om hare te kloof nie.

By die busstop is 'n gryskoptante, wat nog een van haar curlers in haar hare het. Sy hou een van die duiwe op die sypaadjie fyn dop en begin lukraak – uit die bloute – te koer. Die seniel ou vrou

dolos



laat my dink aan die keer toe ek en my twee broers by my ouma in Louis Trichardt gaan kuier het. Sy het in die wendyhuis 'n sak met saad gehad wat sy elke oggend, pligsgetrou, op die agterstoep vir die voëls gestrooi het. My twee broers het die een dag gedink hulle is snaaks en het Blue Death in die saad gegooi. Ek sal nooit daai beeld vergeet nie. My ouma – ook met haar curlers in haar hare – in 'n pienk japon, wat verslae tussen die duiwe en mossies staan wat geruisloos op hulle rûe lê. Dose. Die een is deesdae 'n aasvoël op Douglas. Suip brandewyn en sleep karre. Die ander een is 'n konstabel op Barrydale waar daar min tot fokkol aangaan. Ek is die enigste een wat gaan swot het en nou 'n meestersgraad doen – al is dit net om nader aan hom te wees.

Ek sit soos oudergewoonte my oorfone in en kies The Cure se “Friday, I’m in Love” op my iPhone.

I don't care if Monday's black

Dit maak nie aan my saak of dit Maandag en nie Vrydag is nie. Daar kan niks swarts aan vandag wees nie – net die pap wat ek verbrand het.

Die bleskop langs my ruik na 'n vis-en-tjips-winkel. Daardie ou kookoliereuk gemeng met suur sweet – ek reken dit is hoe 'n ouetehuis vol Portugese moet ruik. Hy staar voor hom uit met glasige kraalogies, amper soos 'n hond wat besig is om te skyt.

Ek haal die hele pad deur my mond asem.

Die bus se deur swaai oop en ek kan vir die eerste keer weer deur my neus asemhaal.

Voor die geesteswetenskappegebou staan eerstejaars en puff aan sigarette. Bol hulle wangetjies en probeer cool lyk, maar asem nie die rook in nie. Dit is hulle oriënteringsweek en dit is opvallend hoe baie van hulle dra NASA-hemde. Dit is 'n weird trend deesdae. Hoekom die fok sal jy dit wil dra? Tensy jy Buzz Aldrin is.

“Hallo, Anika,” kom die stem van agter af.

Daai mompel-stem kan net aan Kosie behoort. Hy staan ongemaklik naby aan my toe ek omdraai – ek kon sweer hy het dalk aan my hare geruik. Hy is besig om 'n chappie te kou en sy bril se glase is weke laas skoongemaak.

“Hallo Kosie, hoe gaan dit?” Ek gee so twee treë terug.

Sy papperige mond verander in 'n glimlag. “Goed,” sê hy en sit al twee sy hande op die stuurstang van sy fiets.

Hy het Down-sindroom en het 'n werkjie op kampus losgeslaan as 'n bode danksy sy ma se invloed as hoof van die regs fakulteit.



Hy was onlangs op *7de Laan*. Hy het geen dialoog gehad nie en het met die einste papwiel-glimlag net in Oppiekoffie aan 'n melkskommel geteug. Hy vertel vir almal dat hy nes daai “eierkop-ou” van The Mummy in flieks gaan speel.

“Uh, het jy baie pos vir die dag?” probeer ek die ongemaklike stilte te verbreek.

“Nee, het jy nie weer 'n briefie wat ek vir daai ander ou moet vat nie?”

“Nie vandag nie, Kosie, dankie.” Vandag kan ek reguit in sy smeulende oë kyk.

“Oki- doki,” sê hy en blaas 'n borrel voordat hy aanstap met 'n kettie in sy agtersak en die temalied van Postman Pat neurie.

Op die 13de vloer gly die hysbak se deure oop. Daar is 'n plakkaat van Ingrid Jonker teen die muur. Ons kan dalk een dag soos die moderne Andre P. Brink en Jonker wees. Verlieë en befaamd.

Die nou gang na die lokaal voel nimmereindigend. By lokaal 13A huiwer ek voordat ek die houtdeur oopstoot. Ek kners op my tande en stoot met een hand die deur oop. Daar staan hy. Arnold Verster.

Ek het hom tydens my voorgraadse studies baie op kampus gesien. Sy welige krulle en 'n stappie wat sê: Ek weet ek is mooi. Ek weet ek kan skryf. Kom skop jou skoene onder my katel uit.

Ek sien die agterkant van vyf koppe. Die lang tafel het plek vir ses mense. Een stoel is oop.

“Welkom, Anika. Ons was net op pad om te begin,” sê hy en die vyf koppe draai gelyk om.

Ek ken een van die gesigte. Dit is Hanru.

Ek het tydens my derde jaar vir so paar maande 'n fling met hom gehad. Aantreklik, maar 'n wannabe-hipster wat mumble-rap soos Billie Eilish luister. Mumble-rap in enige taal is kak.

En soos wat die noodlot dit wil hê, is die enigste oop sitplek langs Hanru.

Hy kyk vir my en sy mond sper soos 'n gapende wond. Voordat hy iets kan sê, val Verster hom in die rede.

“Righto, sal ons afskop? Welkom by kreatiewe skryfkuns. Soos ek vroeër gesê het; ek is professor Arnold Verster. Ek sal die poësiegedeelte van die kursus vir julle aanbied.”

Verster se neusie krul opwaarts en sy trui is dekadent, maar tog op 'n manier smaakvol. Die inding is mos om jou klere by thrift shops te koop.

Hy het een digbundel uitgegee. 'n Kragtoer van 'n digbundel - *Jintoes, Jakkalse en Jaloesie*.

Verster het die Ronnie Ryger-poësieprys daarvoor gewen. Die een gedig van hom was so

dolos



aweregs dat die literati oor hierdie weirdo gegons het – ek het op skool die bundel selfs meer as my Bybel gelees:

Tap-tap-tap

Dis die wasbakkraan

Moeder se kind was 'n miskraam

Dis nou ek

Ek is gek

Slaan hoenders dood met 'n roeispaan

Bel die koerant

Vertel van die brand

In my skedel

Nou staan hy hier voor my en wil my leer om soos hy te dig. Om 'n vet middelvinger te wys vir die Jonkers, Marais'e en die Afrikaapse crew – wat deesdae so gewild is, al kan jy niks verstaan wat hulle skryf nie.

Laat jou kennis, wysheid en kreatiwiteit oor my spoel, Verster. Slaan my met jou sonette, Verster. Skryf 'n ode aan my skaamdele. Bring hulde aan my “badprop-boobs” met 'n ballade. Hê my!

“So, ek het julle gevra om vir die eerste klas 'n gedig te skryf. Enige gedig. 'n Vrye vers, of paarrym; *you name it*. Ek wil net sien waartoe julle in staat is.”

Elke sin, elke woord, elke lettergreep en elke klank wat sy lieflike lippe verlaat, is soos soet en warm heuning vir my ore.

Maar dan kom rus Hanru se lastige handjie op my bobeen.

Ek ruk weg en pomp hom met 'n elmboog in die ribbes.

“Eina, fok,” fluister hy langs my.

Ek is nie hier vir jou nie. Verster moet my sien. Verster moet my brei soos klei.

“Wie sal eerste gaan? Ek wil hê julle moet elkeen julle gedigte hardop lees. Die eerste les hier is om eienaarskap aan jou skryfwerk te neem. Om nie skaam te wees oor wat jy skryf nie.” Verster se diepblou oë gly oor die klas voor hom en kom tot stilstand op 'n tengerige meisie met raafswart hare.



“Begin jy sommer vir ons.” Hy gaan leun teen die muur en vou sy arms.

Die meisie het ’n Trivium-hemp aan en ’n septum-ring. Sy staan op en gee ’n kuggie voordat sy die papier nader na haar gesig bring.

“Die titel is Braaksel,” sy maak weer haar keel skoon en lees verder.

Hoekom kyk hy nie vir my nie? Ons het nog nie een keer oogkontak gemaak nie. Hy staan net intens na Goth-meisie terwyl sy haar simpel gedig voorlees. Die titel is gepas. Ek wil braak so kak is dit.

Goth-meisie kyk van haar papier af op. Dit is doodstil.

Verster begin hande te klap en loop in die rigting van die tafel waar ons sit. “Goeiste! Beurtkrag en Covid het duidelik ’n blywende indruk op jou gemaak,” sê hy. “So, mense, wat is julle indruk. Wat dink julle van die gedig? Het dit iets in julle wakker gemaak? Kon julle julle daarmee vereenselwig?”

Ek worry nie oor die Cecilia Steyn-wannabe se gedig nie.

Terwyl almal hulle insette lewer en terme rondgooi wat hulle die vorige aand op LitNet geleer het, kyk ek vir Verster en hoe hy geduldig en aandagtig na elkeen luister, al praat die meeste van hulle ’n klomp kak.

“Anika, wat het jy gedink van die gedig?”

Ek kyk vir Verster in sy Sahara-bruin oë.

“Anika, het die gedig ’n indruk op jou gemaak?”

Verster klap sy vingers voor my.

“Jammer. Ja. Diep. Donker. Ek kon die hond op die grasperk sien braak terwyl die digter innerlik wroeg met verlange en woede,” sê ek sonder om my blik van Verster weg te neem.

Hy kry ’n glimlag en sy goue tand flits. Wat was dit? Was hy beïndruk deur my antwoord?

Hy slaan met albei sy palms op die tafel. “Goed,” sê hy en flits weer sy goue tand, “ek kan sien die rokers hier verlang na ’n gifpyl. Ek is nie soos ander dosente wat hulle rokende student daarvan ontnem om emfiseem op te doen nie. Kom ons vat ’n tien-minute-breuk.”

Ek stap by die trappe af en tik @Versterdiewoordtsotsi op Instagram in en blaai deur die foto’s van hom by boekbekendstellings en met jong bakkies aan sy sy.

Daf! ’n Harde stamp teen my linkerskouer. Iemand se foon val en bons twee of drie trappe onder toe voordat dit op sy gesig te lande kom.

“Wat die fok, dude? Kyk waar jy loop,” kom die stem.

dolos



Ag, fok my. Dit is Hanru. Ek rol my oë.

“Wat is jou probleem?” Hy swaai sy wysvinger in my gesig.

Eerstejaars met ge-straightende kuiwe kom verby en giggel onderlangs vir die petalje.

“Sorry, ek het glad nie gekyk waar ek loop nie..” Ek tel sy foon vir hom op.

Hanru gryp dit soos ’n blouaap wat ’n vrug aangebied word uit my hand. “Jy weet, hy sien jou nie eers raak nie,” skreeu hy.

“Hy sal ook nooit nie. Jy is nie blond nie en jou boude baklei nie soos twee dwerge in ’n streepsak as jy loop nie.”

“Waarvan praat jy?”

Hy gee ’n snorkgeluid soos die gulsige varke in Hannibal.

“Never mind. Sien jou in klas.” Hy vryf die skerm van sy foon teen sy broekspyp en stap verby my.

Weet hy dan van my en Verster? Ek het nooit in die paar maande dat ons mekaar gesien het ooit iets genoem oor Verster nie? Net dat ek sy gedigte like.

Ek voel hoe ’n hand stewig om my bo-arm vou.

“Missy, waar is jou masker?”

Die man se boepens druk ongemaklik teen my sy. Hy lek sy oliegerige snor met sy tong en vernou sy ogies.

“Zero Two, cuff her,” verkondig hy luidrugtig.

’n Bruin man, wat so maer soos ’n kraai is, verskyn voor my.

“I’m Zero One, commander. My brother Renaldo is Zero Two,” kom die piepstemmetjie.

“I don’t care. You all looks the same. Cuff this communist!”

My hande is agter my rug vasgebind. Die buisligte flikker en iewers van agter kom die gebiep van ’n tweerigtingradio.

“So, missy, you not only disrespect the law of the university by not wearing a mask, but you also cause kak by instigating the Fees Must Fall-movement?” bulder Boepens en slaan met sy vuus op die staaltafel.



Ek wikkel my skouers om die druk van die kabelbinders op my polse te probeer verlig. Ek kan voel hoe dit my sny, maar die pyn gee vir my om een of ander rede die moed om hierdie lummel op sy power-trip aan te vat. “Luister hier, otkop. Ek weet nie waarvan jy my beskuldig nie, maar moet liefies nie Brits praat nie, want jy maak net jou eie naam gat.”

“Ah, ’n hardegat- boeremeisie. ’n Henshopper wat volk en vaderland bedrieg. Zero Two, gaan haal vir my ’n mes.”

Is hierdie ou heeltemal van sy trollie af? Dit is mos nie hoe personeel van die Universiteit moet optree nie?

Maergat se oë dartel. “Zero One, maar sir, waar moet ek nou ’n mes kry?”

Boepens begin te bulder van die lag. “Haal sommer die mes hier uit my rug uit wat die hensopper daar ingesteek het.”

Hulle lag uitbundig tot Boepens se gesig verstar en Maergat nog saggies onderlangs lag.

“Moer snaaks,” mompel ek om my vrees van ’n paar sekondes weg te steek.

“Let’s cut to the chase, here. Jy is mos die White Widow? Die opstoker wat al die comrades kry om te toi-toi en kak te maak op kampus?”

“Wat die fok, bra? Ek is hier vir my eerste meesterklas in kreatiewe skryfkuns. Ek het niks uit te waai met Fees Must Fall nie?”

Ek probeer die sliert wat oor my voorkop hang uit my gesig te blaas.

Ek het my nog nooit gesteur aan politiek op kampus nie. Hulle het die verkeerde persoon hier beet. “Ek is apolities. Ek wil net graad vang en dalk ’n digbundel publiseer.”

“Jy wil skryf? Soos Steve Biko? Julle kommuniste is almal dieselfe. Zero Two!”

Maergat gaan staan op aandag en salueer.

“Zero One, ja commander?”

“Kyk gou in die rooi gevaar se beursie vir haar studentekaart dat ons kan sien of dit ooreenstem met die studentenommer wat intelligensie vir ons deurgegee het.”

Maergat stamp sy skoene op die gepolitoerde vloer en gaan grou in my rugsak wat in die hoek lê. Hy haal my beursie uit.

Die bliksem beter nie my kontant steel nie, ek gaan ná klas ’n groot glas wyn nodig hê.

Hy maak die flap oop en haal my kaart uit.

dolos



“Commander, die nommer is 11130796.”

Boepens verbreek oogkontak met my en raadpleeg die papier voor hom. “Zero Two, herhaal.”

“11130796.”

“Nee. Fokkit. Jy praat mos nou jou kop se kak. Laat ek sien.”

Hy gryp die kaart by Maergat. Hou dit in die lug en vergelyk dit met die papier.

Ja, jou fokker. Jy het ’n fout gemaak. As ek hier los is, gaan ek reguit dekaan toe. Jy gaan nie eers ’n karwag hier op kampus kan wees nie.

“Moerskont. Uhm. Mejuffrou. Ek is regtig jammer. Ons het ’n fout begaan, maar asseblief, dra volgende keer jou masker. Oukei?”

Wat die fok het nou net gebeur? Ek kyk na die rooi merke op my polse terwyl ek terugstap na die lesingslokaal.

Die White Widow? Ek het verlede jaar hierdie optogte verpes terwyl ek my graad probeer vang het. Ons is van so baie klasse ontnem. Wat laat daai twee maaifoedies dink ek is een van die voorbokke?

Daai dikgat en sy maker gaan boet.

Dalk sal Verster se strelende en helende stem my gemoed lawe.

By die houtdeur kan ek Verster se stem binne hoor. Ek wens ek kan skulpe koop wat ek teen my oor kan druk en dit is sy stem wat fluisterend terug weergalm. Ek voel klaar beter. My hartklop is nie meer teen die pas van die Gautrein nie.

Hy aarsel vir ’n oomblik toe ek binnekom.

“Ai, Anika. Hoeveel sigarette het jy gaan rook of het jy gou skelm gaan vry?”

Ek kan voel hoe my wange warm raak.

“Jammer, prof. Ek het ’n persoonlike kwessie gehad wat ek moes uitsorteer.”

Dêmmitt, my stem kraak soos ’n grammofoon.

“Sit, asseblief. Hanru was net op pad gewees om sy gedig vir ons voor te lees.”

Hanru staan op en hou die papier voor sy gesig.



Tortelduif

Koer-koer

Ek strip my moer

Soggens suig jy my voël

Maar verlang na sy krullebol

My tortelduif

Hoekom sal jy droom oor fuif

Met ou Verster en sy krullebol

Verster se oë vernou en hy vat die papier by Hanru. Hanru, is dit blote toeval dat my van in jou gedig verskyn?" wil Verster weet.

"Dit is soort van outobiografies," sê Hanru. "'n Waarneming van die intense gevoelens wat een van jou studente hier vir jou het."

Ek druk my naels diep in sy bobeen in.

"Eina, my fok, man," kerm Hanru.

Verster se oë ontmoet myne. Daar is 'n soort onsekerheid in daai oë.

"Anika, wat gaan aan?"

Ek probeer woorde vind. Ek probeer myself verontskuldig. Dit is nie ek nie. Ek skryf nie al vir amper agt jaar vir jou gedigte en liefdesbriewe nie.

Ek wil huil. Ek wil opskop. Ek wil nie hier wees nie.

Dan swaai die deur oop.

"Hô, hô. Dis Blikkies, Dawie, Rooie en Boesman die brak. Daar kom Trompie en die Boksombende," bulder Kosie en ek sien hoe hy met sy een bril se vuil lens deur die kettie se mik vir my loer.

dolos



Skrapnel

Deur: Rick de Villiers

’n Handeklap verbreek die gewydheid in die klaskamer. Nog iemand klap, en dan ’n derde. Agter dié driestring rys ’n man met ’n dik, swart-grys baard op. Die baard van die Baard. Johann Sebastian Baard. J.S.B, Ph.D. Vreter van swepe, riemspanner van die sestina, Hymen se psalmsanger. En nou? ’n Een-man-gehoor vir ’n klomp Filistyne, aanhoorder van onuitsonderlike verhale.

“Stefan – dit is Stefan, nè?” Die Baard buig oor sy notaboek, kraak ’n kneukel. Geskryf om ’n reghoek in ’n stywekraag-loopskrif is twaalf name, elk met ’n omkringde “A”, “B”, of “C” langsaan; regs bo sewe van die name sweef ’n syfer. Met sy swart-blou Montblanc krap die Baard die harde, hoekige lyne van ’n “A” onder “Stefan”.

Arseen. Angelbraak. Amnesiaat.

“Stefan, broer,” bulder die Baard, “wat kan ek sê! Nou suig ons diesel!” Hy slaan die tafelblad met beide palms, hard genoeg om ’n vertroebeling deur die Valpré-bottels op die tafelrand te stuur. “Daai storie is bloed gegiet in die krake van ’n marmerblad. Dis soos ...” Soos wat? Hy maak homself ontvanklik vir die gepaste vergelyking deur ’n paar geskilferde leerstewels voor hom uit te skop. Hy wieg terug op sy stoel, vleg sy hande agter sy kop, en begin die plafon se groewe deursoek.

Soos ’n stille dood. ’n Binnenshuise semenstorting.

“Dis soos ’n viviseksie: steeds-polsende organe uitgeruk en uitgestal in ’n gesteriliseerde glaskas. En jy – jy’s ’n chirurg wat staal uit ’n roerende lyf krap. Sien raak,” sê die Baard en kyk die tafelgenote een vir een aan, “daai dowwe glinster tussen stukkies vleis.” Hy pers sy lippe saam asof hy teug aan ’n mondvul Hibiki, dalk formaldehyd. Ieder sal deug.

Die sessies is te vroeg, en die stralende hoop in die studente se oë te skerp. Vir dié rede is ’n donkerbril ’n beroepsnoodsaaklikheid. Dit help met die bemarking van mistiek, natuurlik. Ook versteek dit die jare en die hole en die pille en die lywe en die luste se buitelyne. Die kringe van dol, soet, sweterige betowering. Maar meer as dit, straal ’n sonbril genade uit. Die aankyker soek na die oë van ’n ander maar vind hulself. En is dit nie hoekom hulle hier is nie? Om soos Gideon se verwerptes hul dors te les by die modderplassie van hul eie weerkaatsing?

Die Baard kyk stadig na die studente om die tafel, gun elkeen ’n gunstige self-ontmoeting. Dan hervat hy sy applous, dié keer as vingerklap, middelvinger teen duim. Soos ’n lae-lading-serieskakeling vat dit vonk om die tafel.

Onder die straling van die groep se aandag krimp Stefan effens ineen. Sy skouers, reeds gesonke asof hy iets kwesbaars omvou, trek verder in. Tussen die stoppelkroesies van ’n bokbaard begin sy wange verkleur. Bloed spring van een kapillêr na die volgende, bloeisels wat mekaar al langs die kakebeen se kromming aansteek. ’n Sweetdruppel rus op sy voorkop; sy hemp kleef ongemaklik. Hy maak die bladsye van sy manuskrip bymekaar, mop die sweetdruppel met sy mou op, en gee ’n verleë glimlag van erkenning.



Slegs een meisie kliek nie saam nie. Donker hare, lang kuif, gemiddeld tot 7 in die Baard se notaboek – “Leonie”. Sy krabbel iets op ’n los stukkie papier, vou haar arms en kyk Stefan aan.

Toe sy aanvanklik oorkant hom gaan sit het, was hy vir haar slegs ’n silhoeët. Haar oë het stadig aangepas, stadig gekompenseer vir die skerp herfslig wat die kamer se enkele venster binneval. Die kop en torso voor haar was omring deur ’n nimbusrand, oorspoel deur ’n lig wat nie verhelder nie maar wat versteek. Die lig van ’n god in ’n brandende bos. Maar die goue kring het uiteindelik gekwyn om sweterige menslyf te wys.

Sy sien nou hoe ’n spiertjie onder Stefan se linkeroog onwillekeurig saamtrek. Hoe dit die amper- onsigbare litteken op sy wang verleng. Sy sug, skud haar kop, maak ’n nota op ’n ander los bladsy. Met ’n pirouette van die gewrig steek sy haar hand op.

Die Baard raadpleeg onnodig sy notaboek asof hy haar nie reeds vooraf op Instagram beloer het nie. Sy was duidelik lief vir die skadu’s. In die twee selfies wat hy kon opspoor, kruip sy weg agter ’n sonbril en die kap van ’n oorgroot hoodie.

“LIII---eonie, ja, asseblief. Die proscenium is joune.”

“Ek dog die klas sou fokus op *fiksie*.”

“Verskoon! Die teater-metafoor is dalk nou nie heeltemal gepas ...”

“Ek *bedoel*,” val Leonie hom in die rede.

Die Baard lig ’n wenkbrou. Stadig oor die klippe, hittige Leonie. Ons vreet veel, vuur ingesluit.

Met ’n wysvinger op haar lippe probeer sy weer. “Ek bedoel net dat die dialoog nogal rou is. Dit klink so eg, asof dit uit die murg van ’n intieme gesprek gegrawe is. Lood, bloed en been – als saam.” Sy kam haar kuif uit haar gesig uit en kyk dan reguit vir Stefan. “Dis asof ons dit hoor wat ons nie moet nie?”

Die Baard knik. Daar is beslis goed wat ons nie moet hoor nie. 1. ’n Minnaar se vergelyking van ons geslagsdeel met dié wat ons voorafgegaan het. 2. Vroeë lofsange wat soos ’n albatros om ons nek skaaf. 3. Die ritmes van ’n mindere poësie.

Dit was met ’n laatnagkuier dat hierdie drieledige vloek hom getref het. Die Baard was maar nog net ’n glinster in die oog van die Snor, en sy debuutbundel – *Sweepvreter* – het pas verskyn. Resensies het sy versreëls se sensualiteit besing, sy genre as “outo-retorika” beskryf en bestuif. In onderhoude het hy gebieg hoe sy skryfproses ondermyn is deur dieselfde prikkels wat dit inspireer het. Hy kon skaars ’n strofe uitkry sonder om met ’n boks tissues na die lazyboy toe te skuif, skaars lazyboy toe skuif sonder om weer sy molvel nader te trek. ’n Wrede kringloop, het hy erken, ongetwyfeld vererger deur sy swakheid vir die sestina.

Daai aand in Botha Botha se huis, onder die oë van geletterde wolwe, stel Ramona hom aan die einste wolwe voor. Haar woorde: “Mooier voël het ek al gesien; mooier is voël nog nooit besing.” Hulle was toe nog net ’n paar maande saam, die vlam slegs aangeblaas deur afguns. Na die Baard se voorlesing het J.C.H. van der Wou hom voorgekeer en hierdie verdoemende lof uitgespreek: “Bravo.

dolos



Ons verwag verdere wonders uit die Sweepvreter se growwe tong.” Die laaste dolk was Botha Botha se doggerel. Swak poësie sit soos ’n splinter onder die nael, ’n balk in die oor.

En kyk waar is ons nou.

“Presies,” sê die Die Baard, steeds knikkend. “Ek sal sê die storie het ’n oor vir die non sequitur van heftige woordewisselings. Verby-mekaar fluisterskree. En dan is daar hierdie polsende radar vir die stiltes waar misverstand broei.”

Die Baard wurm ’n potlood deur die baard. Teen die stam van sy skedel begin ’n kraan drup: *Stiltes broei op misverstand, lê roerloos saam soos slange ... Stiltes broei op misverstand soos ’n glimmering ...*

“Ek wonder, Stefan,” sê Leonie skielik. “Dit is *Stefan*, nè?”

Stefan gee ’n wrang glimlag; langs die wit litteken op sy wang, laat skiet ’n spiertjie.

“Ek wonder, Stefan,” sê sy, weer met klem op sy naam. “Kan jy ons dalk bietjie meer vertel oor die storie agter die storie? Wat was jou inspirasie? Wie is die muse wat jou na jou hoofkarakter, *Noëlle*, gelei het?”

Roer langsaam oormekaar

Soos die glimmering op olie

Terwyl die Baard in sy kop komponeer, stamp Stefan sy papiere vierkantig saam. “Wel,” antwoord hy, “ek sal sê ek stel belang in perspektief. Hoe is dit moontlik dat mense in dieselfde situasie – met dieselfde sintuie, selfde sienings (min of meer), selfde gevoelens (of so dink jy) – dinge verskillend kan verstaan. *Drasties* verskillend.”

“Nou toe nou!” lag Leonie. “Vertel bietjie meer.”

Die Baard neem die wisseling waar sonder om te hoor of te sien. Die druppels maak nou ’n stroompie wat koud en glad langs sy rugstring afloop.

Die stiltes broei misverstand,

lê roerloos saam soos slange.

Roer langsaam oormekaar

Slinks soos die glimmering op olie

’n gladde glinster wat swyg

Maar soveel sê, soveel sê.

In die agtergrond is Stefan is op dreef. “Wat ek probeer vasvang ...” Hy praat oor die belangrikheid van sy titel, “*Mondegreen*”. Hy sê hy het onlangs die term raakegelees en gedink dit sal sy tema goed pas. “Jy sien, mondegreen verwys na daai fenomeen waar jy ’n liedjie se lirieke heeltemal verkeerd hoor, verkeerd verstaan. ’n Oorglips.”



*Maar hoeveel sê, hoeveel sê
Die stiltes wat ons wanverstaan
Wat skreeu bo dit wat swyg?
Sink versigtig jou hand tussen die slange
En stuur dieper ...*

Tevergeefs probeer Die Baard strofe twee se formule herroep. Selfs nadat hy die tiende sestina voltooi het, moes hy nog die rympatroon naslaan. *ABCDEF*, en dan *FAEB ... CD*? Voor hy kon besluit of hy “olie” op “oormekaar” moet pak, val drie vingerklappe hom in die rede.

“Baie interessant,” sê Leonie. “Konsepsueel, bitter ryk, Stefan! En die tweede deel van jou titel – ‘buig en breek’? Is dit ook iets wat jy ‘raakgelees’ het?”

“Eintlik, ja,” sê Stefan. “Maar meer *mis-* as raakgelees. Soos ek sê, ek hou van oorlogsverhale, veral antieke oorlogsverhale.”

FAEB ... DC? Geen balsem te smeer – dis nou net alfabetkots. Kan nie eens Storieman se stem uitblokkeer nie.

’n Paar maande gelede, sê Stefan, durf hy Sophocles se dramas aan, maak kennis met *Philoktetes*. Gaan oor dié held se magtige boog – sleutel tot die Griekse verowering van Troje – en hoe die slinkse Odusseus vir eenvoudige Philoktetes slagveld toe probeer smokkel. Storie self is nie soseer relevant nie, maar meer – as hy dit so kan stel – sy hardhorende oog. Het die drama in Engelse vertaling gelees: gelees van Philoktetes se “infallible bow”, se “unerring bow”, “the truest bow”.

Stefan skud sy kop met ’n snorklag. “So, wat visualiseer ek soos ek lees van hierdie ‘unparalleled bow’? Nie ’n boog nie, maar eerder ’n diplomaat soos nog nooit tevore nie. ’n Man wat oorloë kan beëindig deur net te *buig* voor sy vyande. So akkuraat, so presies buig hy dat dit albei kante hul swaarde laat neergooi en huis toe gaan.”

Stefan se lag steek die res van die studente aan, buiten vir Leonie. Sy maak slegs ’n aantekening op ’n derde los bladsy.

Die Baard lag ook nie. Hy kondig ’n geriefsbreuk aan. Voor hy opstaan, trek hy sy notaboek nader en krap ’n “B” onder Stefan se naam.

Die oggendreën is nou minder mot, meer giet. Selfs in die lang gang van die vyfde verdieping waar elke kantoordeur toestaan teen die herfslig wat sal instroom, kan jy hoor hoe dit neersak. Slegs skrefiestrale gee vloerlangs vorm aan ’n paar voorwerpe: asblikke, kennisgewingborde, en ’n enkele paar verweerde brogues.

Met ’n been wat wip, sit die Baard buite sy eie kantoor op ’n bankie. Hy kyk onsiende na die oorkantse muur waar ’n vergeelde promosieplakkaat van *Sweepvreter* deur die skaduwees verswelg word. Klankloos roer sy lippe:

dolos



*Toe, sê dit vir die slapende slange
Wat misverstand uitsweet soos olie,
Soos ...*

“Fok my.” Dis nou die probleem as jy komponeer terwyl ander mense se stories jou ore soos torwas verstop. Te vinnig het hy die reëleindes vasgelê. Te min het hy hom gesteur aan die leisels tussen lettergrepe, die heuning wat taai kleef aan ’n lui tong en die reël uitrek tot op die uiterste van uithou. En nou sit hy met ’n nikswoord, ’n spoeg-en-plak-plekhouer soos “oormekaar”. *Oormekaar. Oormekaar ... Hoor mekaar* – is dit iets? *Hoor mekaar ... hoor my nie ... homoniem ... hoormoniem.*

Die Baard haal sy selfoon uit en begin te tik in die hoop dat die hardhorende oog tog iets sal ontsluit. Sy duime kruip oor die skerm wat nou die skemer om hom verdiep. Sy brogues kraak soos wat hy peinsend die gang afstuur. Sy woorde stroom totdat hy struikel.

Voor hy weet wat aangaan, skiet sy foon en ’n ander een die lug saam in. Soos tuimelende fakkels verlig die fone beurtelings hul gesigte – syne en Leonie s’n. Met ratelreflekse gryp hy na syne en klap in die proses Leonie s’n af aarde toe waar dit in ’n blikasblik weergalm.

“Fok tog,” mompel hy en kyk dadelik of die nuwe versreëls nie per ongeluk uitgevee is nie.

“Verskoon tog, bedoel jy seker.” Leonie buk en begin krap tussen papierknipsels, teesakkies en swart piesangskille.

“Ja, verskoon dat ek as gemagtigde personeellid my gang gaan. Verskoon dat ek ’n duidelike rede het om op dié vlak te wees.”

“Ek het net nie besef mens het security clearance nodig om in ’n gang af te loop nie. Ek het net bietjie stilte gesoek voor die volgende sessie.”

Die Baard sluit sy foon en kyk vir die eerste keer na Leonie. Gehurk maar sonder haas pak sy die rommel netjies langs die asblik, amper asof sy dit sorteer vir herwinning.

“Kan ek jou bietjie raad gee?” vra hy.

Leonie antwoord nie.

“Hou op weggroep. Hou op weggroep en gebruik alles. Gebruik jou lewe en gebruik jou woede. Jy’s kwaad oor jou eks julle verhouding gebruik het as voer vir sy storie? Dalk is jy kwaad oor sy hoofkarakter se naam ’n anagram is van joune. Dalk’s jy bedonnerd dat sy mank sinne die klas betower.”

Leonie reageer nie. Uiteindelik grawe sy die foon uit en vryf haar duim oor ’n haarfyn kraak in die skerm.

“Dalk is jy net plain-weg bedonnerd. Maar wat ook al die geval, gebruik wat jy het. Ploeg dit terug in jou ... kuns.”

“Goeie raad,” sê sy uiteindelik. “Ek dink ek moet myself toespits op teëspoed. Dalk sal ek met minder skade wegkom. Of ten minste sal ek iets skep uit die skrapnel.”

Na die breuk, deel Die Baard die volgende stel opdragte uit.



Opsie 1: Lees die aangehegde bladsye. Gebruik dan die konsep exagoreusis (belydenis d.m.v. 'n verbale liturgie) as die dryfveer om 'n verhaal te skryf oor 'n publieke vernedering.

Opsie 2: Bedink die volgende stelling: "potensialiteit is nie net nie-Wees nie, maar eerder die wees-van-nie-Wees, die wesewording van 'n leemte". Skryf 'n storie waarin jy dié idee verken.

Leonie trek haar los blaaië bymekaar; haar oë stuur oor dit wat sy geskryf het. Terwyl die res van die klas hul laptops begin wegpak, haal Leonie hare vir die eerste keer uit. Sy maak 'n nuwe dokument oop en begin tik.

Die blonde meisie wat aan Leonie se linkerkant sit, loer op die skerm. "Jy's vinnig! Doen jy opdrag 1 of 2?"

Leonie antwoord nie dadelik nie. Haar vingers beweeg lig en egalig oor die sleutelbord. Sy stop vir 'n oomblik, kyk af na haar notas, en draai 'n onsiende blik op die meisie. "Weet nie. Dink dis 'n kombinasie." Sy voer die eerste sin verder sonder om haar te steur aan die meisie wat nou oor haar skouer lees:

'n Handeklap verbreek die gewydheid in die klaskamer. Nog een, en dan 'n derde. Agter dié driestring rys 'n man ...

dolos



Rembrandt se kuile

Deur: Cheréne Pienaar

Sy het gedink dis net 'n haakplek; dat haar nuwe lewe reeds begin het. Onstuitbaar.

Duskant die universiteitshek se valboom tik 'n man herhaaldelik die knoppies op 'n swart masjien, asof sy geduld opdroog. "Asseblief, ntate. Laat my tog net deur," soebat dit binne Maya. Anderkant wag 'n nuwe horison, waar die sleep van voetboeie nie gehoor kan word nie.

Maya wou meer as 'n hofverslaggewer wees wat dag na dag paragrawe vir brood en botter pleeg. Sy wou die deug van groot verhaalkuns onder haar vingers voel. Ander gesigte as aanklaers en skuldiges voor haar sien.

"Just a moment," sê die wag wat nou gaan raad vra by sy kollega.

Die hof het haar taai vir rondsit gemaak. Ure in gange. Haar eerste dag, 'n ligjaar terug. Toe die klerk vir haar sê die bylmoordenaar verskyn nie daardie dag nie want hy het nog nie 'n dossier gekry nie, het sy vasgeskop. Reguit na die landdros se kantoor gegaan en uitgekom met 'n saalnommer, 'n tyd, en vragte selfvertroue. Deesdae staan sy buite howe en skuur skouers met prokureurs en advokate. Maak grappe en vang scoops in hul rookwolk van tabak en skinderstories. Maar in die gange van haar borskas wag sinne wat sy tot op die been wil oopvlek. Dis tyd.

Die wag het groewe op sy voorkop. Die lug ruik na droogte. Maya se blikkerige motor het nie veel van 'n lugverkoelingstelsel nie. Hy pompel iets oor 'n QR-kode wat hom nie wil laat lees nie. Maya knik en loer na die horlosie langs die spoedmeter. Minute tik verby. Sy ignoreer die gepieng van haar selfoon en sit dit op airplane mode. Net voor sy die asemhalingsoefening wat sy geleer is begin, skiet die valboom op.

"OK you can go," sê die man met 'n duim in die lig. Maya ref haar Atos dat dit vlieg oor die spoedhobbels tot byna voor die gebou waar sy op 'n gereserveerde parkering stilhou en soos 'n hen uithol met haar handsak wat agterna swaai.

Binne is die skryfkunsprofessor stil toe sy inkom. Vier koppe draai soos een om, sy asem in, trek skouers terug. Oë op 'n stoel 'n ent agter hulle.

"Kom sit, juffrou. Jy moet Maya van der Bijl wees? Welkom, welkom." Professor Hans Meyer se stem daver deur die massiewe lokaal.

Sy beweeg sywaarts langs die opslaan-stoele twee rye verder weg van die res van die klas.



“Waar was ek ... o ja, spanning. Spanning is ’n kragtige manier om jou leser vasgenaai te hou.”

’n Grys bos krulle met ’n dik bruin nek wat bo ’n kraaghemp pronk, is die eerste klasmaat. Nogal mooi van agter af. Dan, ’n vrou met swart hare met silwer jakkalse tussendeur. Seker hier om die een of ander man of vrou of wese uit haar gemoed te skryf. Of terug te kry, fiktief natuurlik. Of dalk sit Maya die pot totaal mis. Sy is immers net ’n hofknaap, soos haar senior kollegas soms spot. Sy trek haar oë op skrefies. Op die vrou se bo-arm peul ’n tatoeëermerk uit. Dit is ’n regop papierklem, sien sy nou, en bo dit sierskrif wat sê: *Moenie uitmekaar neuk*. Maya moet die drang om dit skelm met haar foon af te neem onderdruk. Hierdie klas gaan ’n interessante klas wees.

Die glimlag verstar effe toe ’n gehoes opklink. Daardie hoes! Die bekendheid daarvan skiet soos ’n geweerskoot deur haar. Sy kyk op na die persoon op die punt. ’n Monsterhand vou een vir een sy vingers om haar hart. Dit kan tog nie. Dit is wraggies hy! Hoe is dit tog moontlik? Sy leun vooroor om seker te maak. Daar sit Oostewald! Hul oë bots vir ’n sekonde, maar haar brein wil dit nie bymekaartrek nie. Dit moet ’n siek grap, ’n hengse misverstand wees. Wat soek hy hier op haar skoon horison? Dan sien Maya niks meer nie.

Prof Hans se oë is op haar. “Askuus,” sê sy. “Ek voel lighoofdig.”

Die dikraambрил is die ene weerkaatsing. Van die koppe draai om. Maya haal so diep as moontlik asem.

“Lae bloedsuiker, dalk?” sê die dosent. “Die son is fel vandag. Wees rustig, dame. Jy sal nou afkoel.”

Ga! Afkoel! Net toe haar lewe begin afkoel, gebeur dít.

Dan gebeur nóg ’n absurde ding. Prof. Hans druk op sy sleutelbord en daar, op ’n skerm agter hom, die kunswerk wat in haar huis hang – Rembrandt se “Simson en Delilah”. Dit pronk soos ’n belediging voor haar. Dit is dan een van die details wat hul lewe as ’n paartjie ingekleur het. Hoe is dit moontlik? Eers Oos in die klas en nou dit!

Maya wens sy kan terug in die hof wees, in die veiligheid van haar notaboekie en aanklaers wat in haar span is. As hulle oë weer moet kontak maak, sal sy haar goed vat en loop.

Maar Prof. Hans se relaas rol voort. Hy skuif sy bril hoër op teen sy neusbrug. “Toe Rembrandt in 1628 hierdie Bybelverhaal as onderwerp gekies het, was die uitdaging om ’n hoogs bekende gegewe op ’n nuwe manier uit te beeld. Hier sien ons vir Delila wat ’n angs ervaar.”

Maya wriemel in haar stoel rond. Die kunswerk het haar effens verras toe sy een keer opgelees het oor Rembrandt. Dit was ’n doolhof in Google waarin sy beland het toe sy meer wou weet oor Pierneef op die vooraand van die verskyning van Ace Magashule se wag wat een van sy skeppings gesteel het. Sy het daardie aand lank na Simson en Delila gestaar. En begin lag. Dit was Delila se skuld.

dolos



Die vrees en angs in haar gesig was heeltemal geloofbaar, maar daardie sagte wit hand wat na Simson se hare wys, was net in daardie oomblik té absurd. Die skrilte kontras wat uit een lyf kom! Daardie hand het herinner aan Michelangelo se Adam en sy slap handjie wat maar bra teësinning vir God se uitgestrekte hand mik. Delila se wysende vinger was egter die ding wat haar weggee, al vra die gesig vir empatie. Toe sy dit uitdruk en raam én hang in hul leefvertrek, het Oos net sy kop geskud. “Al weer,” het hy gesê.

Dit was ’n ou laai van haar. Soms sou sy ’n antieke kunswerk vir R35 by Desleys koop en ’n dinosaurus of die een of ander gedrog met kryt in die agtergrond teken. Sy glo vas die absurde kan saamleef met swarigheid. En sy het geleef om dit aan hom te bewys. Enige iets om haar suurknol van ’n kêrel op te kikker. “Ag nee, my beertjie. Hoekom lyk jy al weer vandag so?” sou sy dikwels vir hom sê as hy vir die soveelste keer met ’n lang gesig by die huis opdaag. Soms sou haar lyf sy troos wees, ander kere ’n irritasie, soos ’n vlieg op ’n Monet.

Maya hoor net die laaste woorde wat die dosent sê maar lei af wat wag. Elkeen moet uitwei oor hoe spanning in die kunswerk geskep word. Sy wonder of Oostewald die ironie kan raaksien. Praat oor spanning terwyl die spanning deur jou sny soos ’n Victorinox. Sy wange wat steeds rooi gloei, verklap wel dat hy nie geweet het dat sy ook vandag hier gaan wees nie. En wragtig; dieselfde hand wat eens op ’n tyd haar wêreld omvou het en toe, jare later, uitmekaar geruk het, vaar die lig in bo hul koppe.

“A, Oostewald. Interessante naam. Ooste-wald,” sê Prof. Hans asof hy die woord in sy mond proe. “Is jy Suid-Afrikaans? Vertel ons tog ’n bietjie meer daarvan, jonge heer?”

“Dankie, Professor. Dis van Belgiese afkoms, pa se kant. Oostewald sonder die t. Maar noem my sommer Oos. Dis soos almal my ken. Net nie Osie nie, asseblief.” Hy maak keel skoon. Die gloed op sy wange is hier om te bly, weet Maya. Hy was nog nooit een vir ongemak nie. Die grys krullebol knik gemoedelik, asof dit ’n bleddie AA-vergadering is. Maya wonder of die ander die bewe in sy stem kan hoor.

“So, die haarkapper, die man in die middel, se gesigsuitdrukking is nogal intens. ’n Mens sou verwag die fokus moet net op Simson en Delila val, maar dié man se sielesmart is amper tasbaar. En in die kollig. Ek dink Delila het geld of iets aangebied, wat hy nie kon weier nie.” Hy trek sy T-hemp se kraag reg. “Wie sal regtig weet? Maar hy lyk vir my verslane, of sê ’n mens verslae?”

Die dosent knik. “Albei woorde kan hier werk.”

Oostewald se opsomming is vir Maya net nog ’n skop in die maag. Nou is dit kamma ’n ernstige verhaal vir hom,. Wit en swart sal sy klein brein bly, dink sy, en ondersoek kamma haar naels.

Oostewald druk deur al gaan sy hand vir die hoeveelste keer nek toe. Is dit om haar uit sy blindekol te kry?



“En dan het ons die skaduwees. Die soldaat wat uit die skaduwee kom, wat weer geen emosie behalwe vasberadenheid wys nie. Delila wys vir die haarkapper waar om te sny.” Hy skud sy kop. “Gereed om hom te verloën, en ek koop nie een oomblik die kamma ontsteltenis op haar gesig nie. Dan is Simson se swaard weggebêre, sy voetsole wys na bo, wat sy kwesbaarheid uitbeeld. Delila se houding is neerbuigend teenoor die slapende Simson. Ewig in beheer. Dis asof die duisternis in die kamer aan haar behoort.”

Wow. Wat ’n kunskenner. Stuur hom reguit Louvre toe!

Maar die dosent blyk regtig beïndruk te wees. “Jy is duidelik goed vertrouwd met die kunswerk, Oos,” sê hy en draai na Maya. “A. Juffrou Van der Bijl. Jy stem nie saam met Oos nie? Is jy dan Wes,” sê hy en onderdruk ’n giggel.

Maya se stem klink vir haar nie soos haar eie nie. “Dit is Delila se gesigsuitdrukking wat weer my aandag gevang het.” Van haar klasmaats kyk nou om na haar. Laat hulle tog dink wat hulle wil. Sy asem uit. “Ek doen hofverslaggewing en bestee al my dae daar. In die hof sien jy dikwels dié uitdrukking op die skuldige se gesig as die vonnis uitgespel word. Ander kere is daar geen emosie nie. Soms huil ek oor hulle, sommer net daar. Noem my ’n swakkeling, maar ek voel altyd vir die underdog, de zwakkere.” Sy laat die woorde ’n oomblik insink. “Ek dink nie die duisternis kan besit word nie. Ek vermoed dit neem eerder besit van sy slagoffers, en dit sluit die skuldige in. Dis tog háár hand wat die bose werk doen. Hoe sê hulle? Laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie.” Sy lag flou voordat sy weer afkyk en só wys dat sy klaar is.

Oos kyk steeds af na sy papiere. Daar moet seker êrens goeie herinneringe in sy dik skedel aanmeld.

Grys Krulle frons vir die kunswerk voor hom asof dit ’n legkaartstuk kort. Volledig geskroef, is sy nou. Maar Prof. Hans lyk nie of hý dink dis vergesog nie, merk Maya half verlig. “Interessante opmerkings, juffrou. Ja, Delila word hier ’n ander laag gegee as die beeld in die Bybel. Daar is inderdaad ’n fokus op hande en voete. Wat dink die res van julle daarvan?”

Maya is in haar skik dat Delila se gesigsuitdrukking ook die ander se verbeelding aangryp. Daar word niks gesê van die teenstrydige handjie nie, maar Maya sal vat wat sy kan kry.

Anderkant die gang val skerp sonlig op die vloer wat dit soos ’n donker tunnel laat vertoon. Dit is op hierdie liglem waar Maya haar bevind. Sy is alleen, maar portrette teen die muur, uit die een of ander projek van die kunsdepartement, kyk af op haar. Hoeveel minute daar oor is van die pouse weet sy nie. Sy staan rond soos ’n verlorene met haar foon in haar hand.

En toe gebeur dit ook nog. Oos kom teen ’n spoed om die hoek. Hy het haar nie gesien nie, want die portrette het ook sy aandag getrek. Plastiek teen plastiek, vuur teen vuur. Albei ruk hul kop terug van die skrik.

dolos



Met haar hand op haar mond kyk sy en die gesigte af na hom, na hoe hy sy selfoon op die skerf sonlig tussen hulle optel. Die skerm se veiligheidslaag het afgegly soos skille van oë. Hy ondersoek dit noukeurig vir krake.

“Shit. Jammer,” sê Maya agter haar hand.

“Dis fine,” sê Oos en klap sy foon asof hy die ding pak gee.

‘n Histeriese laggie verlaat Maya se keel. “Ag toe nou! Dit was nie so erg nie.” Dan mompel sy. “Hm, hoe’s ek weer al een wat jammer sê?”

Oos rol sy oë. “Dis ‘n nuwe foon, weet jy. Net gister gekry. Samsung Ultra 22. Plaas se prys, I kid you not.” Hy bekyk weer die skerm voordat hy dit in sy broeksak druk. Sy oë kyk nie verder op as haar sleutelbeen nie. “Spot maar. Ek ken jou. ‘n Grappie vir elke ding.”

Maya waag dit en glip haar foon in haar gapende handsak. “Hoekom is jy hier? Jy het altyd gesê om te leer skryf is ‘n klug. Hoe nou weer? O ja, jy het dit, of jy het dit nie.”

Hy kyk verby haar tot anderkant die gang. “Kon nie inkom by Filosofie nie,” sê hy. “Ek was toe reeds geregistreer en het iets gesoek om die tyd om te kry. Ek het nou net daai een groot kliënt so die programming hou my nie te besig nie.” Sy oë kyk nou stip in hare. “En jy’t altyd gesê mense wat nagraads studeer, vat hulself te ernstig op.”

Maya trek haar skouers op. “Moes iets kry om uitgedaag te word.”

“En jy is seker uit jou vel om my te sien,” sê hy. “En toe join Simson en Delilah ook nog die party.”

“Ek weet. Wat’s die kans, hè?” Sy kyk af na hul voete. Oostewald se leer-brogues kort byewas. Daar is krake op die neus. Sy sou altyd Sondagaande dié probleem met ‘n pot en ‘n ou geel lap takel as hulle voor die TV sit. Sy ruik sy naskeermiddel en sien met opset nie die stoppels wat sy so graag gestreel het nie. Die egalige spierwit tande wat soms moes getuie speel vir sy snyende woorde. Ruk jouself reg, Maya!

“Ag wat,” sê sy. “Hier om fiksie te leer ken, ongeag wie in die klas sit. Behalwe as Ace ook gejoin het. Dit sou vir jou ‘n ander storie wees.”

Hy neem ‘n tree terug met ‘n effense glimlag toe een van die klasmaats verby stap. Hy mik ook na die deur. “Ja-nee, ek twyfel of Ace groot op Afrikaanse prosa is.” Knik dan saaklik. “Nou maar geniet dit, Maya. Kyk mooi na jouself.”

Maya gooi haar duim in die lig, ‘n sharp-teken nes die hekwag gemaak het, in die rigting van sy rugkant. “En jy ook, geniet elke bleddie oomblik,” antwoord sy sag en bly vir ‘n ruk op die skerf wat tussen hulle gelê het.



Dan stap sy ook na buite, in die teenoorgestelde rigting van die klas wat onder 'n boom staan en praatjies maak. Sy stap al hoe vinniger na waar die Steyn-standbeeld was en kom tot stilstand voor 'n grys-pers aalwyn voor die hoofgebou. As jy nader kom, is dit hard en vol haakplekke. Kyk mooi na jouself? Dis glad nie iets wat hy gewoonlik sou sê nie. Kyk mooi na jouself? So 'n plein, alledaagse sêding wat kom haak aan haar. Sy raak aan een van die blare, en druk haar duim teen 'n doring. 'n Klein bloeddruuppel verskyn en sy druk haar duim in haar mond. "Herinner my om van hom te vergeet, wonderplant," sê sy en stap stadig terug na waar die tweede helfte van die sessie wag.

"Lees vir ons jou stuk," vra Prof Hans vir Oostewald.

Maya druk haar tong liggies teen die seerplek op haar duim.

"Elke aand voor Simson gaan slaap, droom hy van haar huis."

Hier kom dit. Simson? Tog nie hulle Simson nie? En haar kosbare, gekrokte huis, wat op die ou end hulle s'n geword het. Dis mos heilige grond!

Hy lees versigtig voort, asof hy sy eie sinne meet. "Hy droom nie van haar nie. Snaaks, hy droom nooit van haar nie." Hy bly 'n paar tellings stil en dan is dit asof hy weer moed skep.

'n Valboom wat haar kop tref, is hoe dit voel met dié woorde wat hy lank moes bedink, soos een wat 'n lem slyp.

"Ons moderne Simson se sagte plek was vroue, maar hy was moeg. Toe val hy vir Plan B op 'n Donderdagoggend. Nes Riggers se Delila was sy 'n vrou wat vir haarself kon dink. Maar daar was nog iets. Half misterie, of dalk half misverstand. Maar daar was tog iets aan haar. Delila het hom by die hyser van die mosiehof ingewag. Die bietjie krag wat hy oorgehad het was in haar visier."

Maya skuil agter haar twee bleek hande. Sy onthou dié dag goed, maar sy verbeelding het nou waaragtig die oorhand gekry. Sy kan nie meer 'n duit luister na sy verhaaltjie nie. "Beste Prof. Hans. Soos jy dalk vermoed het, is ek nie gereed vir hierdie kursus nie. Dit voel nou soos te veel hooi. Ek glo u sal verstaan. Aanvaar asseblief hiermee my kansellasië."

"Simson was eintlik op pad om sy hare af te skeer by die huis. Foto's te verbrand op die maat van Pink Floyd. Sy het na sy Bob Dylan-hemp onder sy baadjie gewys en hulle het oor musiek begin praat soos wat hulle grondvlak toe sak. Hy was maar net daar om die laaste spyker in die doodskis van sy huwelik te slaan en wou alleen wees. Maar Delila kon nie end kry nie. Sy het gebabbel oor "Blood on the tracks" uit Dylan se beginjare. Fyn gespog, natuurlik."

Maya skud liggies haar kop. Sy wou hom net opbeur!

"Met 'n halwe oor het Simson die nodige gesê. Hy wou nie sit met vreemdelinge wat die hof uit die niet oplewer nie. Hy wou rou, sielsalleen wees. Maar haar snyerspakkie met daardie stywe romp wou hom ook laat ontsnap, al is dit net vir 'n rukkie."

dolos



Sy rits haar pennesakkie toe. Diep seun wat ons hier het.

“Weke daarna daag hy met net ’n tas by haar huis op. Sy vra hom nooit uit oor die ding wat sy lewe verflenter nie. Hy kon nooit voorspel wat sy in die mou voer vir hulle nie. Soms sou hulle die pad vat, net om na die reuse-koeksister op Orania te gaan kyk. Haar idee van pret was ook om in pandjieswinkels te drentel en alewig fancy dress-partytjies hou. Sy was soos heuning wat alles bedek het. Soet op die tong, miskien. Maar dit het ons Simson se hande taai gemaak, sy visie begin verswak. Vir haar is die lewe ’n Ying-Yang van vreugde en verdriet, maar vir hom was dit tyd om die prente weg te bêre. Hy kon nie meer een oomblik na haar kuiltjies kyk wat so maklik inkolle nie. Hoe sê Salomo? Om baie heuning te eet, is nie goed nie, maar om swaar sake na te speur, is ’n eer.”

Sy besef nie haar mond hang nou semi oop nie. Plan B! Plan B! Kuiltjies wat inkolle. Spreuke, van alle dinge. Dis hoe hy hul vier jaar opsom? Ja, dink sy verbitterd, só byt ’n jammerte vir die underdog jou aan die gat. Sy loer na die swaar deur en wonder of nou ’n goeie tyd is om haar goed te vat en te loop. Die man met die grys krulle begin praat, maar Maya hoor net ’n greep van wat hy sê. “Interessant dat jy gekies het om van ’n Simson en Delila te skryf. Het jy dan geweet ons gaan dié kunswerk bespreek?”

Sy kyk na Oostewald sonder om hom te sien. Hy moes na haar verwys het in sy antwoord, want al die oë is nou op haar. Maya se stem bewe. Haar lyf voel lam. “Ons ken mekaar, ja,” sê sy en bêre ’n verdwaalde sliert agter haar oor. “My stuk gaan toevallig ook oor Simson en Delila. Glo dit of nie. Dis alles netjies verpakte toeval.” Sy kners op haar tande en druk die Bic-pen in haar hand se knoppie sag met haar duim, maar die aalwyn se steekplek kerm deur haar hand. “Ek het hierdie einste kunswerk in my huis. Hy het dit daar gesien, dis dalk ook wat sy stuk inspireer het.”

“Ek weet wat julle dink. Hoekom sal enigiemand dié intense kunswerkie in haar huis wil hê? Soms wonder ek ook. Maar daar was al baie goed in my huis wat nie daar hoort nie.” Sy druk die Bic-pen se knoppie vir oulaas om die ink weg te bêre.

Daar daal ’n doodse stilte oor die groep skrywers. Maya kyk na die woorde voor haar, wat dreig om te swem. Dit is die dosent se mond wat nou oophang. Oor dekades van nou af sal dit snaaks wees. Dit moet tog.

“Nou maar laat ons hoor!” sê die man, duidelik nie voorbereid op dié wending in sy klas nie.

Dié keer staan Maya op. Sy hoef nie op haar blaai te kyk nie. Sy asem diep in. “I have been in Sorrow’s kitchen and licked out all the pots,” sê sy. “Then I have stood on the peaky mountain wrapped in rainbows, with a harp and sword in my hands. Dit kom uit Zora Neale Hurston se Dust Tracks on a Road. Mooi, nè?”

Sy kyk na haar papiere maar dan is haar blik ten volle op Oos.

“Die hof is my Sorrow’s kitchen, en glo my, ek het al elke krieseltjie hartseer geproe. Dink jy ek



neem die lewe nie ernstig genoeg op nie?” Sy swyg ’n paar tellings. “Snap jy dan nie Simson se raaisel nie? Die eter, die leeu, met iets te ete binne in hom? Uit die sterke kom daar iets soets, onthou jy?”

Verbeel sy haar, of skud Oostewald sy kop? “As ons nie soms ’n skeut binnepret te midde van tragedie het nie, wat het ons?” sê sy, en haar stem klink vir haar soos koolswart ink. “Ek was vól heuning, net vir jou. Maar jy wou nie skep nie.”

Oostewald kyk vinnig weg, eers na Prof. Hans, en dan na die ander, wat met pieringoë na hulle staar. Sy sien die gloed is terug op sy gesig, met mening terug.

“Dis glad nie ’n slegte verhaal van jou nie,” sê hy dan sag, “en ek sien uit om die einde te hoor.”

Sy wag dat hy weer oogkontak maak, maar hy kyk nie weer na haar nie. “Maar wees gerus,” sê sy. “Dié dowwe Delila het geen belange meer in jou majesteit en kragte nie. Van nou af sal sy haar kuiltjies vir haarself hou.”

Grys Krulle lyk of hy na ’n tenniswedstryd kyk soos wat sy blik tussen haar en Oos spring. Maar albei is nou stil en Maya gaan sit, uitasem. Sy wag dat die skaamte soos Velcro aan haar kom plak, maar dit kom vreemd genoeg nie. Die oerwoede in haar voel nou ver weg. ’n Bietjie soos Satan.





Sy kan nie die glimlag keer nie. Kan jy nou meer! Toe nie so sleg om aan die westekant van Oos te wees nie. Die kuile vol ink in haar, en haar verlange, saam sal dit tog die regte prent word.

Sy sien Prof. Hans staar haar oopmond aan, dan ruk hy sy bril af dat dit aan die toutjies op sy bors klou en sê: “Uiteindelik ’n bietjie skop! Die vorige klas was net bek sonder binnegoed. Lees nou, Maya, lees nou jou storie.”

dolos



Kreatiewe uitsette: Voorblaaie van 2022



dolos

Ook uit die literêre stal van 2022:



Kurrikulum

Kortleerprogramme: Afrikaans, Frans en Nederlands vir aanleerders:

Die departementele webblad en jaarverslag van die Fakulteit Geesteswetenskappe bevat ook besonderhede van die verskillende kortleerprogramme (SLP's) in die departement, naamlik programme vir die aanleer van Frans, Afrikaans en Nederlands as vreemde tale vir belangstellendes buite die graadprogramme.

Kontakpersone:

Frans: Dr. Albertus Barkhuizen

Nederlands: Prof. Angelique van Niekerk

Afrikaans: Dr. Alison Stander

Kurrikulumvernuwing:

Prof. Henning Pieterse het die eerstejaarmodule in Afrikaanse poësie in 2022 herbedink om ook poësie en liedere van die werkersklas in die kurrikulum te inkorporeer. Hierdie verandering sluit heelparty jong digters van kleur wat almal oor die effek van apartheid en kolonialisme skryf, in.

Kurrikulumvernuwing is 'n kontinue proses en verskillende kollegas het in 2022 'n 5-dagwerkwinkel aan die UV bygewoon. Dit was onder andere afgestem op die letterkundekurrikulums vir Afrikaans addisionele taal binne die AFRL1 en AFRL2-modules. Die taalkundemodule in Afrikaans en Nederlands 1 is volkome hersien om 'n breër perspektief oor al die verskillende subdissiplines (morfologie, semantiek, pragmatiek, fonetiek, sintaksis, sosiolinguistiek, Leksikografie) en hoe dit uitmond in toegepaste linguistiek te bied.

dolos




Projekte

Naas die talryke geakkrediteerde uitsette soos geboekstaaf in die 2022 jaarverslag van die Fakulteit Geesteswetenskappe (ook te vind op die departementele webblad), was die volgende projekte in 2022 deel van die werksaamhede van kollegas in die departement:

Twee kollegas van die departement, proff. Angelique van Niekerk en Henning Pieterse en die projekassistent mev. Corné Richter het na die afsterwe van prof. Jaap Steyn die projek gekontinueer om die geskiedenis van die oudste departement Afrikaans en Nederlands in Suid-Afrika op te skryf. Die projek en boekpublikasie (*Van toeka af die toekoms in*) is intussen voltooi en die boekbekendstelling van November 2023 kom in 2023 nuusgebeure aan die bod.

Dr. Mathilda (Tildie) Smit is deel van die projek-inisiatief: *Ontlaering van die Afrikaanse letterkunde* (Unlaagering Afrikaans literature) sedert 2019 en in die Tydskrif vir Letterkunde 2022 is verskeie bydraes uit die inisiatief gepubliseer. Tildie was deel van die gasredakteurspan van die uitgawe van 2022 saam met Bibi Burger en Janien Linde.





JOUR 1

ON SE PRÉPARE



CARTE CULTURE

- Les Sud-Africains sont polyglottes. Il y a 12 langues officielles.
- Le pays a la route de vins la plus longue au monde : 850 km de vignobles à découvrir.
- La protea est la fleur nationale.
- Table Mountain (la montagne de la Table), c'est l'une des montagnes les plus anciennes du monde.

Comment vous vous appelez ?

📖 J'observe la bande dessinée (BD) et je fais les activités qui suivent.

Je m'appelle Lindiwe.
Ngithanda isiFulentshi.



Je suis Zanele.
Ke rata Sefora.



Je suis Thomas.
Ek is mal oor Frans!



Mon prénom est Daniel.
I love French.



Die kurrikulumprojek, ontwikkeling van 'n kurrikulum vir Frans as vreemde taal in Suider-Afrika het in 2022 gekontinueer en die *OER*-publikasie (*Open Education Resource*) se bekendstelling word in Maart 2023 voorsien. Dr. Albertus Barkhuizen van die Franse afdeling is die projekteier en ander medewerkers is verbonde aan UCT, NWU, UKZN. Die projek "*Decolonising the French language curriculum*", word befonds deur die kantoor van die viserektor akademies, aan die Universiteit van die Vrystaat, dr. Engela van Staden. Hou die pos dop vir die bekendstelling vroeg in 2024!

dolos



Werk en speel!

Ons werk so hard, want ons “speel” so lekker saam.


Op ligte trant, *Mr Bond!*

Die jaareindgeselligheid het in 2022 die vorm van 'n tema-partytjie aangeneem soos voorgestel uit die ondersteuningskorps in die departement en stom van verbasing was almal oor die entoesiastiese meedoen aan die James Bond-tema. Hier is mev. Petronella Bango (akademiese assistent saam haar eggenoot, Lourens) in November 2022 afgeneem.

Lourens en Petronella Bango in 2022:




Hier is vier van die kollegas in die departement saam aan die werk by 'n 5-dagwerkswinkel in Junie 2022 oor kurrikulumvernuwing van links na regs: Dr. Tildie (MS) Smit, prof. Angelique van Niekerk, me. Carla Ellis en dr. Alison Stander.



dolos





dolos

DOLOS

www.ufs.ac.za

